


MATIE- *land*



JAARGANG 9

NOMMER 1

APRIL 1965

UNIVERSITEIT
VAN
STELLENBOSCH



verkry u aandeel
in die welvaart
van Suid-Afrika

Suid-Afrikaners op alle terreine van die samelewing gebruik in al hoe groter mate hul spaar- en beleggingsfondse om 'n aandeel in die geweldige industriële ontwikkeling van ons land te verkry. Op hierdie gebied speel die Federale Groep 'n belangrike rol. ☐ Skryf om volledige besonderhede van die omvangryke beleggingsdienste wat Federale Volksbeleggings Beperk vir u kan aanbied.

Die Federale Groep

Posbus 3079, Kaapstad

Posbus 333, Bloemfontein

Posbus 2911, Johannesburg

V&R 3946-a



Cude Meester

Liqueurbrandewyn


EERSTE PRYS EN GOUE MEDALJE, LONDEN
HALFEEUSE RYKSWYNTENTOONSTELLING

Springbok Seniors word met suiwer Suid-Afrikaanse tabak in 'n dikker grootte gemaak wat lang en koel rookgenot bied. Ook die pakkie dra 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse stempel.

Vra vandag om Springbok Seniors — 'n uitmuntende Suid-Afrikaanse sigaret.

Springbok vir die man

seniors



FM&A J1632/1

Stellenbosch toe? U eie Bank kom vanjaar saam . . .



C.S.V.-gebou op die hoek van Plein- en Van Rijnveldstraat, Stellenbosch.

. . . en ons eerstejaars sal moet bymekaar kom om ons voete in die vreemde te vind.

Ons rig derhalwe die bekende C.S.V.-gebou spesiaal só in dat ons 'n puik bankdiens aan die publiek kan verskaf asook 'n bymekaarkomplek vir studente kan bied.

U word hartlik uitgenooi om van al die fasiliteite van die gebou en van die Bank gebruik te maak.

VOLKSKAS

BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)



HOOFKANTOOR: PRETORIA.

Castle Lager is meer as verfrissend!

'n Glasvol Castle maak die lewe vrolik



Geniet dit koud!

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

R. P. CONRADIE

MET MEDEWERKING VAN

DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 9

NO. 1

APRIL 1965

Inhoudsopgawe

REDAKSIONEEL

Ons Eeufees	7
-----------------------	---

UNIVERSITEITSNUUS

Dosente neem Afskeid	8
Dosente oorsee	9
Aanstellings en Bevorderings	10
Departement Skaapteelt en Wolkunde Goedgekeur	12
Navorsingsprojekte Goedgekeur	12
Die Fisika-Departement neem deel aan Bolugnavorsing	13
Eerste Diplomalegtigheid aan die U.S.	14
Amptelike Opening van die Universiteit	16
'n Dankbare Volk bring Hulde	17

ARTIKELS

Die Geheime van die Kleinste	20
On the Palaeogeography of the Table Mountain Sandstone Series	24
Die Buro vir Ekonomiese Onderzoek word mondig	27
Kaartwerk in die Departement Geografie	28
Die ou Hollandse Saal	31

SÓ ONTHOU EK MATIELAND	34
SÓ BOU HULLE MATIELAND	36
VAN ALLES EN NOG WAT	38
DIE MATIELANDFONDS	40

BUITEBLAD :

Ontspanning langs die Eersterivier

(Foto: Alice Mertens)

Ons Eeufees

In Desember 1863 het 'n dertigtal vooraanstaande inwoners van Stellenbosch in die Ou Leeskamer in Dorpstraat op Stellenbosch byeengekom. Hulle het beraadslaag oor die wenslikheid om fasiliteite vir hoër onderwys op Stellenbosch te skep. Die bedoeling was om onderrig te gee in vakke wat vir 'n „beskaafde opvoeding” nodig is, en ook, meer bepaald, om jong manne voor te berei vir die studie aan die Teologiese Kweekskool van die Ned. Geref. Kerk, 'n inrigting wat vier jaar tevore op Stellenbosch gestig was.

Die uitkoms van hierdie samesprekinge was dat in 1866 die Stellenbosch Gimnasium geopen is, waaruit agtereenvolgens die Stellenbosch Kollege, die Victoria Kollege en eindelijk, deur Wet No. 13 van 1916, die onafhanklike Universiteit van Stellenbosch gegroei het. Aldus het, uit die nietige begin van 1866, die Universiteit van Stellenbosch ontwikkel, wat vandag oor elf groot fakulteite beskik en 'n totale studentetal van 6,000 het. Dit is voorwaar 'n merkwaardige verloop. Die resultaat, wat ons vandag voor ons oë sien, is 'n grootse bekroning van die geloof en toewyding van die klein groepie vérsiende, koersvaste stigters van honderd jaar gelede.

Hieruit volg dat ons aanstaande jaar oor 'n eeu van hoër onderwys op Stellenbosch sal terug kyk. In September 1966 wil ons ons Eeufees vier; en ons wil dit op waardige wyse doen. Sekere verrigtinge sal vrywel dwarsdeur die akademiese jaar 1966 plaasvind, maar die hoogtepunt sal gedurende die tweede helfte van September bereik word.

Verskillende liggame, wat vir die Universiteit van besondere belang is, sal uitgenooi word om hulle jaarvergaderinge of kongresse gedurende 1966 op Stellenbosch te hou. Ons dink bv. aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap, en die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. Al drie hierdie liggame het reeds lewendige belangstelling getoon. Owerigens sal institute en vereniginge uitgenooi word wat op verskillende terreine van die universiteitstudie optree.

Verder sal ook simposia gereël word, waaraan sowel binnelandse as buitelandse geleerdes sal deelneem. Die voorname bestaan om gesaghebbende persone spesiaal uit die buiteland te laat kom. Ons meen dat hierdeur 'n besondere geleentheid geskep sal word, nie net vir die Universiteit as sodanig nie, maar vir Suid-Afrika in die algemeen.

Aan musiek en sang en ander kunsverrigtinge sal dit nie ontbreek nie. Soos verlede jaar die geval was, sal die Kunsfees en die Studente-sangfees gekombineer word, om 'n omvattende, buitengewone kunsbedrywigheid te verseker; kunsuitstallings, musiekuitvoerings en studentesang sal baie aandag geniet. Vanselfsprekend sal die drama sterk na vore tree: 'n treffende prestige-opvoering sal hier hoofsaak wees, bv. 'n gesaghebbende Afrikaanse vertaling van Faust van Goethe.

Aan welbekende Suid-Afrikaanse komponiste, soos Arnold van Wijk en Hubert du Plessis (wat albei lede van die Universiteitspersoneel is) word opdragte gegee om spesiale werke vir die geleentheid te komponeer. Hanlie van Niekerk (bekende Suid-Afrikaanse sopraan, en self oud-student van die Universiteit), wat tans verbonde is aan die opera in Kassel, word uitgenooi



Prof. H. B. Thom, wat hierdie artikel spesiaal vir Matieland geskryf het, is aan die einde van 1964 eenparig deur die Senaat en die Raad vir 'n verdere termyn van vyf jaar as Rektor van die Universiteit benoem. Dit is prof. Thom se derde termyn as Rektor. Namens al die oud-Maties wil Matieland prof. Thom verseker dat ons met groot vreugde kennis geneem het van sy herbenoeming, en wens hom krag en goeie gesondheid toe in jare wat voorlê.

Hierdie foto is geneem by geleentheid van die amptelike opening van die Universiteit op 24 Februarie vanjaar toe die Rektor die rede gevoer het oor Universiteit en Maatskappy (Berig bls. 16). (Foto: Edrich)

om spesiale sanguitvoerings op Stellenbosch te kom gee. Sy is vandag 'n kunstenaar van internasionale formaat op wie Suid-Afrika met reg trots is, en sy het haar inderdaad reeds bereid verklaar om na ons oor te kom.

Die Universiteit besef dat vir verrigtinge van hierdie aard 'n geskikte skouburg of teater noodsaaklik is. Die Universiteitsraad het dan ook besluit om 'n Universiteitskouburg op te rig. Die planne hiervan nader tans voltooiing. Dit sal op Kollegeplein verrys, op die plek waar tans die ou gebou staan wat as die ou Hollandse Saal bekend is. Hierdie skouburg sal van die allermodernste toerusting voorsien wees, en op kuns- en kultuurgebied vir Stellenbosch en vir Wes-Kaapland 'n groot aanwys wees. Dit sal ongeveer 430 sitplekke hê, en sal vermoedelik teen Julie 1966 voltooi wees. Oor die totale koste daarvan is daar nog nie sekerheid nie, maar vermoedelik sal dit in die buurt van R450,000 wees.

Owerigens sal by geleentheid van die Eeufees 'n

omvattende, waardige gedenkboek van die Universiteit uitgegee word. Hierin sal die klem val op die diens wat Stellenbosch in die loop van 'n honderd jaar aan Suid-Afrika gelewer het. Die beste kragte is reeds vir hierdie werk verkry. Hulle beoog om dit in Junie 1966 gereed te hê.

Naas die voorgaande sal daar ook besondere sportgeleenthede wees: feeswedstryde in verband met bv. rugby, hokkie en tennis sal 'n indruk gee van die rol wat Stellenbosch en sy studente vandag op sportgebied speel.

Die Universiteit hoop dat hy by geleentheid van sy Eeufees ook sal kan aankondig dat sy Eeufeesfonds die gestelde doelwit van R4,000,000 bereik het, wat 'n merkwaardige en betekenisvolle mylpaal sal wees.

Die Universiteit vertrou dat ons ons in 1966 in hoë mate van onself rekenskap sal gee, en dat ons onself met vasberadenheid vir die lang skof van ons tweede eeu, tot nóg groter diens aan land en volk, sal aangord.

UNIVERSITEITSNUUS

Dosente neem Afskeid



Soos gebruikelik het die Rektor en mev. Thom aan die einde van verlede jaar, op 25 November, 'n gesellige onthaal aangebied ter ere van die dosente wat aan die einde van 1964 uit die diens van die Universiteit getree het. Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, verskyn mev. Thom (in die middel) saam met mev. en prof. M. A. Meyer (links) wat na Potchefstroom gaan, en prof. J. T. R. Sim wat afgetree het. Die ander dosente van wie afskeid geneem is, is prof. P. P. du T. Deetlefs, mnre. C. Swanepoel, W. A. Joubert, J. Gevers, P. de Groot, P. J. Wentzel, dr. G. J. J. van Zyl, dr. W. Boeddinghaus en mev. D. Sauer.

(Foto: Johan Stander)

Gevestigde bome kan met welslae verplant word

Toe ek 'n student in die Verenigde State van Amerika was, het ek gesien hoe 'n 40 voet-hoë eikeboom na die universiteitskampus oorgeplant word. Die boom was op daardie stadium minstens 20 jaar oud. 'n Paar weke nadat die boom oorgeplant is, het dit begin bot en sonder tekens van ernstige ontwigting, sy plek op die kampus ingeneem.

Dit mag vir u ongewoond voorkom dat 'n boom van hierdie grootte en ouderdom met welslae na 'n nuwe groeiterrein oorgeplaas kon word. Die geheim van die oorplanting het daarin gelê dat 'n groot bol vaste grond om die wortelstelsel behou is. Die wortelgrond is versigtig oopgegrawe en onder losgegrawe. Daarna is dit met nat sakke vasgebind en toe is die boom, met wortelgrond en al, na die nuwe plantterrein verskuive.

Hierdie boom sou beslis doodgegaan het as 'n intieme deel van sy vorige omgewing of *entourage* — die grond om sy wortels — nie met hom saamgegaan het nie.

Ons wat nou na ander werkkringe gaan, het op Stellenbosch diep wortel geskiet. Die ontwortelingsproses sal in elk geval maar lastig wees, maar moontlik fataal as ons nie ook 'n deel van ons *entourage* — die aarde waarin ons wortel geskiet het — met ons saamneem nie. Aan dié van u wat nog nie 'n dergelike besluit geneem het nie, wil ek die versekering gee, dat die besluit om die Universiteit van Stellenbosch te verlaat, die moeilikste is wat 'n mens kan neem.

In die oorplantingsproses sal ons met ons meeneem die kennis en ondervinding wat ons hier opgedoen het deur verbintenisse met, en onder leiding van senior kollegas aan die Universiteit, mense wat reeds vër gevorder het in hul loopbane en diep spore getrap het in die annale van die wetenskap, die lettere en wysbegeerte, die opvoedkunde, die handel en die breër volkslewe.

Ons neem met ons saam die motief wat by die Universiteit oorheersend is, die motief om ons land te dien.

Ons neem 'n bietjie van die kultuur en tradisie van hierdie mooi dorp met sy skaduryke lanings en vriendelike mense saam.

Ons neem met ons saam ons herinneringe aan die berge en die see.

Ons neem met ons saam 'n onwrikbare geloof in die Opperhoogste, geloof in ons volk en vertroue in onself.

Ons neem ook graag met ons mee die goeie wense vir die toekoms wat die Rektor nou hier uitgespreek het.

In ruil vir wat die Universiteit aan ons gegee het, wil ons belowe om lojaal teenoor hierdie inrigting te bly. Ons wil onderneem om voort te gaan om die Universiteit van Stellenbosch te dien, ook as ons nie meer hier is nie.

Mag ek afsluit deur die Universiteit die beste toe te wens in die grootse taak wat hy verrig.

PROF. W. KEMPEN het in Maart 1965 na Nederland vertrek waar hy by verskillende taalburo's taalmateriaal insamel in verband met sy navorsingsprojek oor die herkoms van Afrikaans.

DR. P. J. CONRADIE vertoef die eerste helfte van 1965 vir verdere studie en navorsing in München, Duitsland.

MNR. B. BOUWER doen van Maart tot Augustus vanjaar navorsing in Rotterdam, Nederland.

DR. J. A. DE BRUYN het onlangs vertrek na Chicago, V.S.A., waar hy tot Oktober met navorsing besig sal wees.

PROF. W. J. VAN DER MERWE het in Januarie vir drie maande na Skotland vertrek om sekere aspekte van die Kerk van Skotland te bestudeer.

**Dosente
Oorsee**

MNR. M. GRUT onderneem van Februarie tot Junie 1965 'n Bosbou-studiereis in die Mediterreense streke van Europa en die Midde-Ooste.

PROF. A. NEL, hoof van die Departement van Geografie het 'n Carnegie-reisbeurs ontvang vir 'n besoek aan die V.S.A. gedurende die tweede helfte van 1965. Prof. Nel is van plan om ondersoek in te stel na die bydrae wat geografe in Amerika lewer tot streekbeplanning en sal 'n hele aantal institute besoek wat reeds hoogstaande werk in dié verband gelewer het. Hy sal veral aandag gee aan die kartografiese aspekte van streekbeplanning.

PROF. J. N. DE VILLIERS, hoogleraar in Ginekologie en Verloskunde, is benoem as lid van die Uitvoerende Komitee en voorsitter van die Kwalifikasieskomitee van FIGO (International Federation for Gynaecology and Obstetrics). Prof. De Villiers het einde November 1964 na Suid-Afrika teruggekeer na 'n driemaandestudietoer in die V.S.A., waartydens hy ook die Internasionale Wêreldkongres oor Ginekologie en Verloskunde in Buenos Aires bygewoon het.

Aanstellings en Bevorderings

DR. P. C. DE VILLIERS is met ingang 1 Januarie 1965 aangestel as hoogleraar in Boskunde (Bosbestuur) in die Fakulteit van Bosbou, in die plek van prof. P. P. du T. Deetlefs wat aan die einde van 1964 uit die diens van die Universiteit getree het.

Dr. De Villiers het die grade B.Sc. in Bosbou (1934), M.Sc. in Bosbou (1951) en D.Sc. in Bosbou (1954) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Van 1935 tot 1949 was hy 'n beampte in die Departement van Bosbou, van 1950 tot 1954 lektor in Bosbou aan die U.S. en van 1955 tot 1958 Adjunkhoof van Bosbestuur in die Departement van Bosbou. In 1958 is hy bevorder tot Hoof.

In 1954 en weer in 1961 en 1963 het dr. De Villiers uitgebreide studiereise in Europa onderneem en het Suid-Afrika op vier internasionale konferensies verteenwoordig.

DR. E. G. MEIRING is met ingang 1 Januarie 1965 bevorder tot hoogleraar in Frans.

Dr. Meiring het die grade B.A. en M.A. (met lof) aan die Universiteit van Pretoria verwerf. In 1960 het hy die graad D.Litt. in Frans aan die Universiteit van Caen behaal. Vanaf 1956 tot 1962 was hy lektor in Frans, eers aan die Universiteit van Pretoria en daarna aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. In 1963 is hy aangestel as senior lektor in Frans aan die Universiteit van Stellenbosch.

DR. E. W. LAUBSCHER is met ingang 1965 bevorder tot hoogleraar in Akkerbou en Weiding in die Fakulteit van Landbou.

Dr. Laubscher het die graad B.Sc. in Landbou in 1944 aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en in 1959 die graad Ph.D. aan die Universiteit van Kalifornië. Nadat hy navorsingsentrums vir Plantfisiologie in die V.S.A., Kanada en Europa besoek het, keer hy in 1960 na Suid-Afrika terug en word agtereenvolgens aangestel as



Prof. P. C. de Villiers



Prof. E. G. Meiring



Prof. E. W. Laubscher



Prof. W. E. Kassier



Dr. J. P. Jansen

senior lektor in Akkerbou aan die U.O.V.S. en hoofvakkundige beampte aan die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege. Vanaf 1963 was hy waarnemende dosent in Plantfisiologie in die Fakulteit van Landbou aan die Universiteit van Stellenbosch.

DR. W. E. KASSIER is met ingang 1965 bevorder tot hoogleraar in Landbou-ekonomie in die Fakulteit van Landbou.

Dr. Kassier is 'n oud-student van die Universiteit van Natal, waar hy die grade B.Sc. en M.Sc. in Landbou behaal het. In 1961 het hy die graad D.Agrar. in Stuttgart-Hohenheim behaal en in dieselfde jaar 'n uitgebreide studiereis deur Engeland en die V.S.A. onderneem.

Dr. Kassier is in 1964 aangestel as senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch. Voorheen was hy lektor aan die Landboukollege, Cedara, en lektor, later senior lektor, aan die Universiteit van Natal.

'n Verskeidenheid artikels van dr. Kassier het in vaktydskrifte verskyn en onder sy leiding sal „'n Ekonomiese Opname van Boerderytoestande in die Noordweste” binnekort gepubliseer word.

DR. J. P. JANSEN, senior lektor in Geografie aan die Universiteit van Stellenbosch sedert 1959, is met ingang 1 Januarie 1965 aangestel as Hoof van die nuwe Departement van Afrika-studie.

Dr. Jansen het in 1961 'n uitgebreide studietoer deur Afrika onderneem. In 1962 het hy ingevolge die V.S.A.-S.A. Leiersuitruilskema die V.S.A. besoek waar hy as besoekende dosent in Afrika-aangeleenthede opgetree het en terselfdertyd ondersoek ingestel het na bestaande Departemente van Afrika-studie. Dr. Jansen is 'n raadslid van die Suid-Afrikaanse Aardrykskundige Genootskap, sekretaris van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys en 'n fakulteitslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die volgende persone is met ingang 1965 aangestel of bevorder in die betrekkings soos aangedui:

Mnr. W. F. Smith as senior lektor in Handelsreg.

Mnr. B. Bouwer as senior lektor in Statistiek.

Mnr. J. W. van Rooyen as senior lektor in Sielkunde.

Mnr. B. Scholten as senior lektor in Musiek (Orrel).

Mnr. A. Schoeman as lektor in Statistiek.

Mnr. P. B. Trevor-Roberts as lektor in Bedryfsielkunde.

Mnr. P. de Lange as lektor in Musiek (Orrel).

Mnr. F. Y. Carlier as lektor in Musiek (Viool).

Mnr. F. v. Z. Slabbert as lektor in Sosiologie.

Mej. E. Katzenellenbogen as lektrise in Liggaamlike Opvoeding.

Mnr. U. R. R. Plüddemann as lektor in Duits.

Mnr. J. R. Calitz as lektor in Statistiek.

Mnr. P. M. H. Calitz as lektor in Geskiedenis.

Mnr. H. P. v. d. Westhuizen as lektor in Musiek (Orrel).

Mnr. Vlok Louw as lektor in Kliniese Sielkunde in die Fakulteit van Opvoedkunde.

Mnr. J. R. Olivier as senior administratiewe beampte (komitees).

Mnr. N. J. Serdyn as senior administratiewe beampte (losies).

Dr. J. H. Giliomee as senior lektor in Landbou-insektekunde.

Mnr. D. C. Scholtz as senior lektor in Landbou-ingenieurswese.

Mej. R. Rowley as junior lektrise in Arbeidsterapie.

Mnr. P. E. Walters as lektor in Fisika.

Mnr. E. L. Conradie en dr. N. J. du Preez, dosente in die Departement van Sielkunde, is voltyds oorgeplaas na die Buro vir Studentevoorigting. Die lektorate wat hulle ontruim sal gevul word deur mnr. J. A. le Roux, tans junior lektor in Sielkunde, en mnr. G. D. Nortje.

Prof. J. T. R. Sim wat op 26 Januarie sy professoraat neergelê het, is aangestel as Garsnavorsingsbeampte. Hierdie pos is deur die Universiteit ingestel op versoek van die Suid-Afrikaanse Brouerye-Instituut wat ook onderneem het om die salaris van die betrokke beampte te bekostig.

Departement van Skaapteelt en Wolkunde Goedgekeur

Die regering het die instelling van 'n Departement van Skaapteelt en Wolkunde in die Fakulteit van Landbou goedgekeur. Daardeur is die Universiteit in staat gestel om vanaf die begin van hierdie jaar volwaardige voor- en nagraadse kursusse in Skaapteelt en Wolkunde aan te bied.

Hierdie studierigting geniet reeds aandag vanaf die stigting van die Fakulteit van Landbou. Kursusse in Skape en Wol is vanaf 1926 in die Departement van Veeteelt aangebied. Op grond van die belangrikheid van die skaap- en wolbedryf, veral in die Karoo- en Winterreënstreke, het verskeie landbou-organisasies soos die Nasionale Wolkwekersvereniging van S.A., die Kaaplandse Landbou-Unie en die S.A. Wolraad ook vertoë gerig vir die instelling van Skaapteelt en Wolkunde as hoofvakrigting aan die Universiteit van Stellenbosch. In die nuwe departement sal veral klem gelê word op navorsing en goed toegeruste laboratoria vir nagraadse studie word nou ingerig.

In die lig van die instelling van die Departement van Skaapteelt en Wolkunde, het die S.A. Wolraad aan die Universiteit 'n jaarlikse skenking van R10,000 vir 'n periode van vyf jaar gemaak vir die bevordering van skaap- en wolnavorsing.

Die Universiteitsraad het ook besluit om met ingang 1965, die volgende nuwe kursusse in te stel:

- * 'n Addisionele studierigting vir die B.Sc.-graad in Landbou met die oog op die opleiding van Landbou-onderwysers.
- * Bybelkunde as volwaardige vak vir die B.A.-graad met dien verstande dat dit nie as vak vir die graad B.A. (Admissie) sal geld nie.
- * 'n Departement Openbare Administrasie en 'n Departement Staatsleer binne die Fakulteit van Handel. Die graad B.Admin. en die ooreenkomstige hoër grade, waarvan Openbare Administrasie en Staatsleer kernvakke sal wees, is met ingang 1965 buitemuurs ingestel, en met ingang 1966 sal hierdie kursusse ook binnemuurs gevolg kan word.
- * 'n Driejarige diplomakursus en 'n eenjarige gevorderde diplomakursus in die Beeldende Kunste.

Navorsingsprojekte Goedgekeur

DIE DEPARTEMENT GEOGRAFIE het 'n toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing ontvang vir 'n loodsondersoek oor potensiële grondgebruik in die Sondags- en Visriviervalleie. Op die gebied van landelike grondgebruik word 'n gedetailleerde kartering van oppervlaktegeaardheid, gronderosie en hellingsteilte in uitgesoekte omgewings binne die studie-area beoog, terwyl 'n kartografiese studie van die funksionele gebiede en invloedsfere van dorpe soos Graaff-Reinet, Somerset-Oos en Cradock by wyse van aanvulling ook stedelike grondgebruik sal belig. Die materiaal wat hierdie ondersoek beskikbaar sal stel, behoort 'n belangrike bydrae te lewer tot die feitebasis wat vir beplanningsoptrede in die Oos-Kaaplandse sektor van die Oranjerivierprojek nodig is.

Dit is die tweede groot navorsingsprojek wat die Geografie-departement sedert 1960 aanpak. In die jare 1960 tot 1964 is 'n geografiese opname van Suidwes-Afrika gemaak, waarvoor 'n publikasie in die loop van hierdie jaar sal verskyn.

DIE RAAD VAN DIE W.N.N.R. het die stigting van 'n navorsingseenheid vir weefselbeskadiging en selmetabolisme onder beheer van dr. F. M. Engelbrecht, senior lektor in Fisiologie, goedgekeur. Die stigting van die navorsingseenheid is 'n erkenning van die uitstekende werk wat dr. Engelbrecht op hierdie gebied doen.

Die Fisikadepartement neem deel aan Bolugnavorsing

Die wêreld beleef tans 'n tydperk waarin intensiewe, wêreldwye navorsing in verband met alle aspekte van die planeet wat ons bewoon, gedoen word. Dit strek oor fronte onder, op en bokant die aarde en op 'n wyse waarvan vroeëre ontdekkers self nie kon droom nie. Internasionale samewerking is hiervoor noodsaaklik. Die jongste sodanige navorsingsprogram is dié van die Internasionale Sonstiltejare (I.S.S.J.), van 1964/65. Dit is 'n tydperk van minimum sonvlekke, d.w.s. 'n tydperk van lae sonaktiwiteit.

Ons land neem ook deel aan die program van I.S.S.J. en hier op Stellenbosch meet ons die sogenaamde luggloed, 'n uiters swak ligstraling wat orals op die aardbol in mindere of meerdere mate waargeneem kan word. Hierdie lig is só swak dat dit slegs met die gevoeligste optiese instrumente, sogenaamde fotovermenigvuldigerbuise, waargeneem kan word. Tog kan hierdie swak liguitstraling 'n baie belangrike skakel wees om die geheimenisse van die werking en ontstaan van die ioniserende straling en die miljoene gelaaiete deeltjies in die atmosfeer en daarbo, te verklaar.

Die program van luggloednavorsing dra by tot internasionale data en vorm deel van die ondersoek na die sogenaamde anomaliegebiede wat ten suid-weste van Kaapstad voorkom en wat gedurende 1961 deur Russiese ruimteskepe ontdek is. Die aarde se magneetveld in daardie gebied is swakker as op enige ander plek op die aarde, sodat verwag kan word dat gelaaiete deeltjies uit die hemelruim daar dieper die atmosfeer sal indring en buitengewone effekte sal veroorsaak, onder andere 'n aansienlike verhoging van die luggloedintensiteit.

Ons beskou die ondersoeking van die anomaliegebiede as 'n eie Suid-Afrikaanse taak. Na voorlopige waarnemings vanaf die navorsingsboot RSA, is besluit om die waarnemings vanuit 'n vliegtuig te maak. Na lang onderhandelings en deur bemiddeling van die President van die W.N.N.R., is verlof van die Lugmag verkry dat vier spesiale vlugte van 4,000 myl elk met een van ons Hercules-transportvliegtuie na die anomaliegebiede onderneem mag word. Twee luggloedmeters wat in die Fisikadepartement ontwerp en gebou is, is per vlug gebruik en 'n spaar elektroniese meetapparaat is saamgeneem. Vier persone het elke vlug meegemaak, sodat twee kan rus terwyl die ander twee waarnemings doen. Die instrumente is vertikaal bevestig reg onder twee Perspex-vensters wat spesiaal aangebring is in 'n luik wat aan die bokant van die vliegtuig vasgebout kan word. Die Universiteit is opregte dank verskuldig aan die S.A. Lugmag sonder wie se goedgunstige medewerking die Universiteit nie hierdie belangrike navorsingswerk sou kan onderneem het nie.

Die Stellenbosse span navorsers moes tydens die eerste vlug almal teenwoordig wees om die finale vlieginstruksies van die weermagoffisiere te ontvang. V.l.n.r.: Mnre. R. Scott, J. W. Koen (lektor), J. A. Brink, prof. dr. P. B. Zeeman, mnre. G. E. Daubitzer (elektronikus), J. C. Roelofse (senior lektor) en P. J. Ceilliers. Prof. Zeeman en mnr. Koen hou die luggloedmeters vas waarmee die waarnemings gemaak is.






By geleentheid van die eerste Diplomaplegtigheid van die Universiteit van Stellenbosch op 10 Desember 1964, het die Rektor, prof. H. B. Thom, aan 354 studente diplomas toegeken. Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, wens die Rektor mev. J. B. Louw geluk met 'n besondere prestasie. Sy is die eerste dame wat die Diploma in Arbeidsterapie, cum laude, aan die Universiteit verwerf het.

Eerste Diplomaplegtigheid aan die U.S.

Aan die einde van 1964 is vir die eerste keer by wyse van 'n plegtige funksie erkenning gegee aan kandidate wat diplomas aan die Universiteit verwerf het. Die Rektor, wat die diplomas toegeken het, het gesê dat die behoefte aan so 'n plegtigheid reeds geruime tyd gevoel is. Immers, die toekenning van die diplomas beteken vir die betrokke studente ook die suksesvolle afsluiting van hulle studieloopbane en die toetrede tot die werkterreine waartoe hulle studie hulle voorberei het. Verskeie diplomas is na graadse kwalifikasies, ander vereis 3, 4 of meer studiejare en kan met graadstudie vergelyk word. Die Rektor se aankondiging dat die Diplomaplegtigheid voortaan jaarliks gehou sal word, het dus algemene byval gevind.

Die 354 diplomas wat toegeken is, het 'n wye studieveld verteenwoordig, t.w. Maatskaplike Werk, Musiek, Drama, Biblioteekkunde, Huishoudkunde, Onderwys (250), Teologie, Rekeningkunde, Arbeidsterapie en Hospitaaldieetkunde.

Ere-Doktorandi



Amptelike Opening van die Universiteit

Universiteit en Maatskappy

In sy rede by geleentheid van die Amptelike Opening van die Universiteit op Woensdag, 24 Februarie 1965, het die Rektor die verhouding tussen die universiteit en die maatskappy ontleed. Hier volg enkele hoofgedagtes uit sy toespraak:

* Die universiteit is daar om die wetenskap te dien en, deur sy diens aan die wetenskap, ook die maatskappy te dien.

* Ten gevolge van die proses van demokratisering het die universiteite 'n spieëlbeeld van die maatskappy geword, 'n feit wat nêrens beter geïllustreer word as in ons land nie. Die skerp meningsverskille wat in die maatskappy aangetrof word, sal dus ook in die universiteite teenwoordig wees.

* Die vryheid van denke wat aan universiteite bestaan en waarop ons almal gesteld is, mag egter nie misbruik word deur daarin regverdiging vir oortreding van landswette te soek nie.

* Deur studie en navorsing kan universiteitsmense soms tot gevolgtrekkings kom wat nie strook nie met die opvattinge waaraan 'n bepaalde gemeenskap, of selfs die hele maatskappy, al lank geheg is. Botsings en die gramskap van die gemeenskap kan egter vermy word as sulke bevindinge in die regte gees en op die regte wyse, nl. in die ernstige vaktydskrif, aangebied word.

* Die universiteit is verder 'n spieëlbeeld van die besondere gemeenskap in die maatskappy wat deur hom gedien word. Hy moet in die behoeftes van daardie besondere gemeenskap voorsien. Die Universiteit van Stellenbosch het sy ontstaan daaraan te danke dat die behoefte gevoel is om meer bepaald vir die Afrikaanssprekende jeug fasiliteite vir hoër onderwys te skep. Stellenbosch

se karakter word dus in die eerste plek deur die Afrikaanssprekende gemeenskap bepaal en is dus behoudend van aard, dra 'n godsdienstige karakter en het 'n baie besliste Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde. In sy ontwikkeling hou die Universiteit weer in die eerste plek rekening met die besondere behoeftes van die Afrikaanssprekendes.

* Universiteite moet volksgebonde wees anders sal hulle nooit die vertroue van die maatskappy en van besondere gemeenskappe wen en behou nie. Die Eeufesfondsveldtog was 'n toets vir Stellenbosch se volksgebondenheid. Die reaksie van oud-studente, die algemene publiek en die sake-ondernemings is 'n treffende bewys dat die volk vertroue in, en waardering vir die Universiteit van Stellenbosch het.

* Dis die taak van die universiteit om, naas sy wetenskaplike onderrig, ook gesonde karaktervorming soveel doenlik na te streef. Met die eerstejaarsstelsel, gepaard met inwonende en besoekende hoofde in koshuise, en die Buro vir Studentevoorgligting is nie slegs beter aanpassing van eerstejaars by die universiteitslewe verkry nie, maar is vir hulle ook 'n beter grondslag vir hulle verdere studie gelê.

Die Rektor het soos volg afgesluit:

„In 1966 sal ons ons Eeufes vier. By dié geleentheid sal veel gesê en gedoen word om terug te kyk oor 'n honderd jaar van hoër onderwys op Stellenbosch. Ons sal stof tot dankbaarheid hê. Mag die mooi dinge waarvan ons kennis neem, nou en in die toekoms, ons nie in 'n gees van selftevreidenheid laat verval nie. Mag dit ons eerder aanspoor om, deur eerlike toewyding en inspanning, iets te bereik wat nog groter en skoner in die toekoms vir ons wink.”

Persoonlike Verantwoordelikeaansvaarding

In sy kort toespraak by geleentheid van die Amptelike Opening van die Universiteit, het mnr. Danie du Toit, voorsitter van die Studenteraad, persoonlike verantwoordelikeaansvaarding deur die individu beklemtoon as die belangrikste eienenskap wat sukses in 'n student se studieloopbaan bepaal, en o.a. gesê: „Met die uitreiking van u registrasiekaartjie is 'n veelvuldige verantwoordelijkheid ten opsigte van alle aspekte van die studentelewe aan u opgelê, en u word vanoggend uitgedaag om dit persoonlik te aanvaar of te verwerp. Watter eise verder ook al aan u gestel mag word, is in 'n sekere sin slegs die logiese konsekwensies van die aansvaarding van

u eie, persoonlike, individuele verantwoordelijkheid! Dit wil ek sien as die ideaal wat u vir uself vir die toekoms moet stel; as die uitstaande kenmerk van ware Matieskap; as die vernaamste faktor wat die krag en optrede van die Studenteraad bepaal; as die enigste grond vir die geloof in die toekoms van ons Universiteit, ons land en ons volk; as die fondament vir getrouheid aan uself, u plig en u beginsels, en by uitstek aan u God. Kom na Stellenbosch met die persoonlike verantwoordelikeaansvaarding waarmee talle van u voorgangers gekom het, en Stellenbosch sal vir u doen wat hy vir hulle gedoen het. Dan sal dit goed gaan met u en met ons Universiteit.



Prof. H. B. Thom, Voorsitter van die F.A.K., oorhandig die Federasie se Erepennig vir Volksdiens aan die Staatspresident terwyl mev. Swart toekyk.

'n Dankbare Volk bring Hulde

By geleentheid van sy sewentigste verjaardag op 5 Desember 1964, is op indrukwekkende wyse hulde gebring aan die Republiek van Suid-Afrika se eerste Staatspresident, mnr. C. R. Swart, en mev. Swart. Vroeër, gedurende dieselfde week, het die Presidentspaar hulle veertigste troudag herdenk.

Die huldigingsplegtigheid is deur die F.A.K. gereël op Bloemfontein, die stad waar die President baie jare gestudeer, gewoon en gewerk het. Een van die hoogtepunte in die feesverrigtings was die oorhandiging van die F.A.K. se Erepennig vir Volksdiens aan die Staatspresident. Hierdie Erepennig is 'n eksklusiewe eerbewys. Dit is in 1957 vir die eerste keer op Stellenbosch toegeken aan wyle dr. D. F. Malan, en die Staatspresident is die vierde persoon wat op hierdie wyse geëer word. Prof. H. B. Thom, Voorsitter van die F.A.K., het die Erepennig aan mnr. Swart oorhandig met die woorde: „Mag dit vir u, mnr. die Staatspresident, tot in lengte van dae 'n tasbare bewys wees van die blywende, innige waardering van 'n dankbare Afrikanerdom.”

Die Staatspresident het by dieselfde geleentheid die eerste ere-burger van die stad Bloemfontein geword. Vroeër die oggend, na 'n plegtige wydingsdiens by die Vrouemonument, het die vroue van Suid-Afrika versierde huldigingsadresse aan die Staatspresident en mev. Swart oorhandig.

vir
u
geskep
deur
WOLNIT
in
SUIWER
WOL



NUWE MODIEUSE SPORTBAADJIES

in Wonderlike Wolnit „Weavenit” — wat dra en dra en dra, maar altyd vars en nuut bly. Verskeie netjiese patrone en kleure.

Wolnit SUPER

Verkrygbaar by alle goeie uitrusters

MANSDRAG VAN WÊRELDGEHALTE

LS4249

SUID-AFRIKAANSE STEENKOOL-, OLIE- EN GASKORPORASIE, BEPERK


GELEENTHEDE VIR GEGRADUEERDES

- SASOL brei voortdurend uit en benodig derhalwe ingenieurs (werktuigkundig, chemies en elektrotegnies), sowel as wetenskaplikes, veral persone met na-graadse kwalifikasies.
- JONG MANNE wat by die organisasie aansluit, ontvang deeglike opleiding wat dien as voorbereiding vir verantwoordelike betrekings.
- DIE TEGNOLOGIESE INSTITUUT van Sasolburg bied deeltydse kursusse aan wat inter alia lei tot die verwerving van
 - (a) Die Regeringsertifikaat van Bevoegdheid
 - (b) Mede-lidmaatskap van die Instituut van Chemiese Ingenieurs.
- DIENSVoorwaardes sluit mededingende salarisse, ruim verlofvoordele, verlofbonus, pensioen en mediese voordele, aangename werksomstandighede en lidmaatskap van 'n goed toegeruste ontspanningsklub, in.
- SASOLBURG is 'n aangename dorp om in te woon met moderne huise, enkel- en dubbelslaapkamerwoonstelle en voortreflike koshuise vir ongetroude persone. Saam met Vereniging en Vanderbijlpark vorm dit die industriële gebied wat bekend staan as die Vaaldriehoek.
- DIT IS IN U EIE BELANG om meer besonderhede te bekom. Op versoek sal ons met graagte 'n geïllustreerde brosjure, „Die Gegradueerde en Sasol“, 'n aansoekvorm en enige ander inligting wat u nog verlang, aan u stuur.
- SKRYF ONMIDDELIK aan die

**Bestuurder, Personeeldepartement, Sasol,
Posbus 1, SASOLBURG, O.V.S.**




GOUE MEDALJE
1964
WÊRELD-
VOEDSELOLIMPIADE
PARYS



KOO ... DIE KEUR VIR KENNERS !

V&R5989A.



UIT ONS LABORATORIA

FOTO 1

Dit was reeds aan die ou Romeine bekend dat die verbouing van peulplante op 'n grond die vrugbaarheid van laasgenoemde verhoog. Eers baie jare later, in 1888, is vasgestel dat daar in die *wortelknoppies van peulplante* bakterieë leef wat die vermoë besit om die stikstof vanuit die lug vas te lê, en dit dan aan die plant oor te dra. Hierdie „huwelik” tussen plant en bakterie strek tot voordeel van albei, aangesien die plant weer sekere essensiële voedingstowwe aan die bakterie afstaan. Die wortelknoppies van 'n klawerplant is duidelik te sien op Foto 1.

Die Geheime van die Kleinste

Wat is Mikrobiologie? Vir die meeste mense is dit moontlik 'n studie van kieme, daardie onsigbare geheime agente van die dood. Toe aan 'n vader, wie se seun in die Mikrobiologie gestudeer het, gevra is welke studierigting sy seun aan die Universiteit volg, was die antwoord: „Vra homself, dis so 'n snaakse gedoente.”

Wanneer 'n persoon egter die sluier voor die onbekende wegsuif, deur in die oogstuk van 'n gewone ligmikroskoop te kyk na 'n druppel vuil water, of sy eie speeksel, besef hy die rusteloosheid van die „onderwêreld”. Miljoene klein lewende wesentjies woel en werskaf daar, sommige tot voordeel en andere tot nadeel van die mensdom. Hy sal mikroskopies-klein diertjies, soos die protozoa, asook verskeie klein plantjies soos wiere, swamme en bakterieë, waarneem. Die virusse sal hy egter nie kan raaksien nie.

Die dosente en nagraadse studente van die Departement van Mikrobiologie aan die Universiteit, asook verskeie navorsers verbonde aan die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege, ondersoek tans etlike probleme i.v.m. grondvrugbaarheid, die uitkenning van die wortelknoppiesbakterieë van klawers, kuilvoerbereiding en die biofisiese eienskappe van verskeie virusse wat siekte by akkerbou- en weidingsgewasse veroorsaak. Geen aandag word gegee aan mikroörganismes wat siektes by mense veroorsaak nie; dit is die funksie van die Geneeskunde.

Met behulp van die volgende fotoreeks nooi PROF. H. A. LOUW professor in Mikrobiologie die leser om so 'n bietjie rond te kyk in ons laboratoria.

In Foto 2 word aangetoon hoedat 'n konyn ingespuut word met 'n suspensie selle van so 'n knoppiesbakterie, om sodoende teenliggaampies in sy bloed te verwek. Nadat die teenliggaampies vanuit die konynbloed verkry is, word dit gebruik vir die uitkenning van verwante soorte van die klawerwortelknoppiesbakterieë vanuit verskillende gronde. Wanneer 'n suspensie bakterieselle in aanraking gebring word met die verkree teenliggaampies, sal laasgenoemde slegs koppel aan selle van verwante bakteriesoorte.





FOTO 2

FOTO 3



Sir Alexander Fleming het in 1929 die wondermiddel, penisillien, ontdek. Dit word gevorm deur 'n skimmelswam, bekend as *Penicillium notatum*, wat soms te sien is op muf brood as 'n groenerige bedekking. Hierdie middel het reeds bekendheid verwerf in die mediese wêreld omdat dit die groei van sekere bakterieë stuit. Ook in die grond word mikro-organismes aangetref wat sulke inhiberende stowwe (antibiotika) produseer en sodoende die aktiwiteite van ander grond-organismes, hetsy nuttiges of skadelikes, strem. Foto 3 toon hoedat die groei van 'n nuttige knoppiesbakterie, aangekweek in 'n spesiale kweekbodem, gestrem word deur twee bakterieë wat inhiberende stowwe vorm. 'n Duidelike stremming van die groei van eersgenoemde is sigbaar in die nabyheid van elke streepkultuur (bestaande uit biljoene enkele individue wat individueel onsigbaar is vir die blote oog).




FOTO 4 EN 5

In Foto 4 word die grootte en die vorm van die selle van so 'n *antagonistiese bakterie* vanuit die grond, aangetoon. Die selle is 2,000 keer vergroot met behulp van 'n gewone ligmikroskoop, nadat hulle geverf is. Die gemiddelde deursnit en gemiddelde lengte van die enkel selle is 0.7 en 1.9 mikron, onderskeidelik. (1 mikron = $1/25,000$ van 'n duim). In Foto 5 is die swamdrade van 'n *antagonistiese swam*, ook vanuit die grond, te sien. Die swamdrade is in dieselfde mate vergroot as die bakterieselle in Foto 4. Die gemiddelde deursnit daarvan is 5.0 mikron.

FOTO 6

Sommige grondbakterieë besit die vermoë om ontoeganklike verbindings in die grond, onder andere fosfate, toeganklik te maak. Hierdeur vervul hulle 'n belangrike funksie by die voeding van ander grondbewonende mikroörganismes en hoër plante. Foto 6 toon 'n menigte ronde kolonies (bestaande uit miljoene individue) van verskillende *grondbakterieë*, aangekweek in 'n spesiale kweekbodem waarin wit onoplosbare dikalsiumfosfaat voorkom. Helder sones is gevorm om sommige kolonies omdat die onoplosbare fosfaat in hul onmiddellike nabyheid opgelos is as gevolg van die uitskeiding van sure.

FOTO 7

Sekere bakteriesoorte kan in die afwesigheid van lug lewe. Hierdie besondere eienskap, wat menige paddaman hulle seker beny, stel die bakterieë dus in staat om in voerkuile, modder en ander omgewings waar lug uitgesluit is, te woeker. In Foto 7 word gedemonstreer hoedat bakterieë, verkry vanuit die onderste lae van 'n kuilvoer, aangekweek word. Dit word gedoen in spesiale kweekflesse, wat dig sluit en gevul word met suurstofvrye koolsuurgas om alle lug te verplaas. Hierdie bakterieë, bekend as die *melksuurvormers*, speel 'n belangrike rol by die maak van goeie kuilvoere omdat die melksuur, wat hulle vanuit die beskikbare suikers vorm, die groei van verrottingswamme en ander bederforganismes stuit.




FOTO 8

Die kleinste van die kleinste is die *virus*. Dit is 'n makro-molekuul bestaande uit 'n proteïenomhulsel en 'n pitgedeelte van nukleïensuur. Dit is so eenvoudig, dat dit nie meer as 'n lewende organisme beskou kan word nie. Dit kan alleen met behulp van 'n elektronmikroskoop waargeneem word. In hierdie uiters duur apparaat word nie gebruik gemaak van gewone ligstrale en lense nie, maar wel van elektronstrale en magnetiese velde. In Foto 8 word aangetoon hoedat 'n viruspreparaat, verkry vanuit siek plantweefsel en gemonteer op 'n klein roostertjie (4.3 vk. millimeter), in die elektronmikroskoop geplaas word. Foto's word geneem van die virusse en dan weer verder vergroot tot 'n finale vergroting van selfs 1,000,000 keer.





FOTO 9

Foto 9 toon die vorm en grootte aan van die *bromusgrasvirus* wat 'n virussiekte van graangewasse en grasse veroorsaak. Die virusdeeltjies is bolvormig met 'n gemiddelde deursnit van 30 millimikrons. (1 millimikron = 1/1,000 mikron). Die virusdeeltjies is 600,000 keer vergroot, sodat die proteïen-subeenhede waaruit die omhulsel opgebou is, gedeeltelik sigbaar is. As die bakterieselle wat in Foto 4 te sien is, in dieselfde mate vergroot sou word, sou hulle byna 4 voet lank wees. As 'n man van middelmatige lengte ook soveel keer vergroot sou word, en hy lê dan op Suid-Afrika, sou sy voete op Kaapstad en sy kop op Kroonstad rus. Hierdie virus is so klein, dat ongeveer 20,000 virusdeeltjies ingepak sou kon word in die skelet van een van die bakterieselle. Dit is vandag bekend dat verskeie virusse bakterieë kan aanval en binnedring.

'n Bekende persoon het die volgende geskryf aan die hand van die ontdekking van steeds kleiner en kleiner mikroörganismes:

„Big bugs have little bugs,
Upon their backs to bite 'em,
And little bugs have smaller ones
And so *ad infinitum*.”

(Foto's: Johan Hahn)



On the Palaeogeography of the Table Mountain Sandstone Series

*With full acknowledgement to the Geographical Society of South Africa,
in whose Journal this tract was published.*




PLATE I

Note movement direction of tail "drag-mark" towards letter D (chalk-marked for mapping purposes), and towards "nest" between letters C and D. The markings are present on a separate slab from that shown in Fig. 1.

Since 1958, when the writer first had the opportunity to describe certain trailmarks on a small slab of red sandstone from the Table Mountain Sandstone series, much new material has become available. The writer and colleagues have now through the aid of the Council for Scientific and Industrial Research and the Council of the University of Stellenbosch, removed the bedding-plane slab, measuring approximately 14 x 6 feet, from an *in situ* position in the lower 500 feet of the above-mentioned series from Brandenburg, Clanwilliam, Cape Province. This slab is on display in the Department of Geology at the University of Stellenbosch.

The entire surface, is, on the upper side, a true and continuous slightly undulate bedding-plane, on which at least nine distinct trails of varying width, are clearly registered (Fig. 1). In addition, six ellipsoidal hollows, varying along the greater axis, from $6\frac{1}{2}$ inches to $3\frac{1}{2}$ inches occur. These saucer-shaped hollows are semi-filled with coarser grain, on the average, than those building the sandstone throughout.

The trails are, in each case, sets of double groups of indentations, retaining a constancy of interval for each trail over straight sectors and, in two clearly marked instances, a medium "drag-mark groove" is present between the sets of marks. On a different slab, the "drag-mark grooves" display the direction of movement very clearly in each instance, i.e., towards a coarse-grain-filled hollow. In this case the grooves are continuous for more than 3 feet in each instance, $\frac{1}{2}$ inch wide and just less than $\frac{1}{4}$ inch deep in the centre. On the large slab, the "drag-grooves" are discontinuous, and the separation interval varies from 1 to 3 inches. In addition, a central, deeper and narrower ridge is present within the drag-grooves, as if produced by a distinct narrow groove. The depth of the trail indentations vary from $\frac{1}{4}$ inch to less than $1/10$ th inch for the various trails and were clearly made by different individuals.

A very distinct area on the slab is ripple-marked, the product of wind-over-water action, and very shallow water at that, while the rest of the bedding-surface is unaffected. The writer believes that the ripples were produced in a local, very shallow hollow and that the water disappeared, because one trail crosses over the exposed ripple marks.

On the evidence presented, we are viewing a

portion of a beach surface of late-Silurian to early Devonian Time. It is a surface, bared by the withdrawal of the tide, because marks, made *under water in sand*, would in a very short time, be destroyed. Experimentally it was found that similar, and *deeper*, marks were destroyed in less than $1\frac{1}{2}$ minutes if the water overlying the sand is disturbed by breath-blowing across the water surface; while in *clay* the marks remained undisturbed and distinct.

This slab is a thinly-bedded, medium-grained sandstone, remarkably free from clay admixture and the marks were definitely made in wet sand, *vide*, the "drag-marks" within the trails.

To preserve such marks, before the return of the tide, a protecting blanket of *dry sand*, blown from above high-water mark had to be provided. The writer presumes that this is exactly what did happen, and that by the time of tide-return the dry sand had completely and effectively settled over the trails and ripples. Being wetted from below the blanket would settle firmly and preserve the marks from destruction, if the inlapping tidal waters were *calmly* spread. The remarkably thin-bedded nature of the sandstone (63 laminae in six inches), suggests that the various laminae were thinly spread at each change of the tide, and the constancy of thickness and attitude suggests a distinct absence of long-and-off-shore current-action in this area.

One hollow, partly filled, displays within a depth of $\frac{1}{2}$ inch, seven distinctly exposed laminae above the in-fill of coarse grains, thereby clearly proving that the hollow was made from above, after previous setting of the laminae. This hollow was also scooped through part of the rippled surface, and the laminae are vari-coloured, dark red, pale red, and white.

The indentation marks of the trails are clearly *thrust hollows* denoting movements in directions opposite to the application of thrust. This is verified by the trails with medium drag-grooves.

It remains to suggest whether the trails were made by living animals or the bodies of dead animals. The changes in unilateral direction suggest the presence of live animals who could move like caterpillars, thus possessing transverse segmentation of the body. The repetition of indentation also varies with the trail width.

Trail width : $4\frac{1}{2}" \} 3" \} 1\frac{1}{2}" \} 1"$
Indentation interval: $\frac{1}{2}" \} \frac{1}{2}"(-) \} 1\frac{1}{4}" \} \frac{3}{8}"$




PLATE II

The trail marks shown here are present on a separate slab and differ markedly from those shown in Plate I in that the indentations are much deeper and the expelled sand in each is noticeably heaped up by thrusting of the body member responsible for making the individual marks.

No one has ever witnessed the body-motion of a trilobite, but on this evidence, the writer cannot suggest any other animal as being responsible for those trails. If so, the hollows need explaining and because all hollows have trails, either leading to them and stopping there, or passing across them, he would further suggest these hollows to be nests, scooped out for "egg repositing". *Limulus*, a present-day distant relative of the trilobites, still does that. The hollows could also possibly be the hollows scooped out in search of food, but their small number militates against such a suggestion.

The trilobites had very attenuated legs and the writer believes that the cephalon, with its pronounced cheek prolongations, produced the thrust marks. The grooved "drag-marks" could then have been produced by the non-articulating pygidia or tails, when and where they touched the sand surface. They would be pendulous, especially in a mature, egg-laying individual.

Read as such, the evidence on this bedding-surface, goes back to very distant days and to the formerly unknown activities of an extinct animal order. It certainly provides evidence of littoral deposition in early T.M.S. time. Although no Palaeozoic Eurypteridae are up till now noted in South African sediments, Eurypterus (Fisheri) of the Silurian and Devonian could also have produced such markings, if it emerged upon the beach. That one is dealing with the activities of Arthropods, the writer feels sure is beyond doubt.




FIGURE I

The figure represents the entire large slab mentioned in the text, showing the various kinds of trails present on the bedding-plane surface. The circular marks are referred to as "nests" while the "drag-marks" of the pygidia are noticeable as a broken groove in two instances and a continuous feature in one instance (upper left). Various individuals of differing bodysize were obviously responsible for these trails. A single dot in a trail, represents one depression as shown in the accompanying photographs. (Map by I. C. Rust.)

VOORSKOTTE LENINGSKREDIET PERSOONLIKE LENINGS

VIR
AL U
KORTTERMYN
BEHOEFTE:

BEDRAG:	Geen beperking
RENTEKOERS:	Kompeterend
TERUGBETALING:	Op aanvraag of maandeliks tot 4 jaar
METODE:	Kontant, tjek of per aftrekorder
SEKURITEIT:	Vaste eiendom, polisse, bemerkbare aandeel en effekte, erflatings of ander gewaarborgde toevallings en borge.

KONSOLIDEER U SAKE ONDER EEN DAK

Verbande • Beleggings • Inkomste-belastingadvies • Administrasie van kliente se sake • Beplanning van persoonlike sake • Veilings en Vendusies • Veilige bewaring van dokumente • Sekretariële dienste
Koop en verkoop van eiendomme
Versekering—brand, storm, ongevalle, inbraak, diefstal, seeversekering ens.

Sedert 1918 onderneem Santam hierdie dienste—

santam

Takkantore dwarsdeur die Republiek van Suid-Afrika.

*Suid-Afrikaanse Nasionale Trust-
en Assuransiematskappy Beperk
Geregistreeerde Depositonemende Instelling.*

V&R 5853A




Die ruim kartoteek en lugfototeek waar 15,000 kaartvelle, 150 muurkaarte en 'n paar duisend lugfoto's vir dosering, naslaandoeleindes en die samestelling van ander kaarte gestoor word.

Kaartwerk in die Departement Geografie

Kartografie is 'n basiese tegniek in die Aardrykskunde waarmee die geograaf 'n hanteerbare miniatuurbeeld van die geografiese landskap wat hy in al sy ineengeweepte vorme van fisiese en kulturele verskynsels wil bestudeer, kan skep. Omdat kartografie dan so 'n essensiële deel van die Geografie uitmaak, is kartografie, hoewel elementêr sedert die instelling van 'n Departement van Geografie in 1920, tot 1950, op sporadiese wyse aan hierdie Universiteit gedoseer.

Sedert die toetrede van dr. A. Nel in 1951 (destyds lektor en vandag hoof van hierdie departement), word daar besonder baie aandag aan hierdie vakrigting gegee. Onder sy leiding is daar oor 'n periode van 14 jaar baie gedoen om kartografiese toerusting binne die departement te huisves en tegnieke te ontwikkel, sodat die Universiteit vandag met trots kursusse in kartografie, as deel van die Aardrykskundeleerplan, kan aanbied.

Opleiding in kartografie behels in die eerstejaarkursus hoofsaaklik die studie van: die betekenis en gebruik van kaartskaal; grafiese metodes van oppervlakteberekening, vergroting en verkleining van kaarte, die geskiktheid en aanwending van kaartsimbole en die vertolking van elementêre landvorme. Die tweedejaarkursus sluit in gevorderde vertolking van topografiese kaarte, 'n studie van kaartprojeksies en opmetings met behulp van die meettafel en die prismatiese kompas. Die derdejaarkursus sluit in die statistiese verwerking van basiese data en die samestelling van gevorderde kaarte en kaarttrekke met behulp van moderne kaarttegnieke, en 'n kursus in lugfoto-interpretasie. Die nagraadse student kry onder leiding van dosente in die departement die geleentheid om verskillende kaart- en lugfototegnieke in 'n miniatuur-navorsingstudie toe te pas. Terselfdertyd ontvang hulle onderrig in die geskiedenis van die kartografie.





BO :

Studente in een van die ruim tekenlokale besig met lugfoto-interpretasie vir die maak van 'n grondgebruikkaart van die Stellenbosch-omgewing. Voorste twee rye: Lugfoto-interpretasie met behulp van die spieël-stereoskoop. Derde ry: Vergroting van 'n basiskaart met behulp van die pantograaf en oppervlakteberekenings met behulp van die planimeter. Heel agter: Die oorteken van grondgebruikpatrone op die finale kaart met behulp van 'n ligtafel. Heel links: Hier word die finale kaart kartografies afgerond. (Die kaarte wat teen die mure hang, is almal in die departement vir doserings- en publikasiedoeleindes saamgestel.)

REGS :

Student besig om aanvullende basiese data ten opsigte van landvorme met behulp van die stereopret vanaf lugfoto's op die basiskaart oor te dra.





Studente besig om met behulp van die aero-sketchmaster grondgebruikpatrone vanaf die lugfoto op 'n gekose basiskaart oor te dra.

Om die kursusse vir die student so aangenaam en vrugbaar as moontlik te maak, is die departement, wat lokale, kartografiese en lugfotografiese apparaat betref, baie goed toegerus. In ons verskillende tekenlokale is talle ligtafels (vir natrekwerk), teken-tafels en -borde (vir die teken van finale kaarte), planimeters (vir oppervlakteberekenings), pantograwe (vir vergroting of verkleining van kaarte), lens- en spieëlstereoskope (vir lugfoto-interpretasie), Aero-Sketchmasters (vir natrekwerk vanaf lugfoto's), Stereopret (vir die trek van derde-orde kontoere), kopieermasjiene (vir reproduksie van kaarte), landmetingsinstrumente, en 'n goed toegeruste donkerkamer met die nodige fotografiese instrumente.


Met hierdie pragtige kartografiese toerusting tot sy beskikking, lewer die departement talle positiewe bydraes tot die Aardrykskunde, maar ook tot baie ander vakrigtings. Daaglik word 'n groot verskeidenheid kaarte en diagramme deur opgeleide kartograwe saamgestel vir departementele gebruik, asook vir geskiedkundiges, volkekundiges, taalkundiges, ekonome, sosioloë, bosboukundiges en ander wetenskaplikes of instansies. Afgesien van kaarte wat in die departement vir uitgewers van boeke saamgestel word, het sommige muurkaarte as selfstandige publikasies reeds hulle merk op nasionale en internasionale vlak gemaak.

Omdat kartografiese tegnieke nie net vir die Geografie van onmisbare waarde is nie, is dit die strewe van hierdie departement om, met die toestemming van die Universiteitsowerhede, wetenskaplikes in ander vakdissiplines op alle moontlike maniere by te staan met kartografiese advies en om wetenskaplike kennis, bevindings, verklarings, ens., deur opgeleide kartograwe in grafiese voorstellings of op kaarte te laat uitbeeld.

P. G. JOOSTE

Die finale grondgebruikkaart, wat deel vorm van 'n kartografiese seminaar in die derdejaar, word deur mnr. P. Jooste (dosent) en twee studente krities bespreek.

(Foto's: Edrich)



Die Hollandse Saal gaan verdwyn

Elders in hierdie uitgawe kondig die Rektor die oprigting van die Universiteitsteater aan, en wel op Kollegeplein ten weste van die Ou Hoofgebou, waar die Departement van Drama tans nog in die ou Hollandse Saal gehuisves is. Dit beteken dat die ou Hollandse Saal, oftewel die ou Chemiegebou, gaan verdwyn.

Duisende studente het oor 'n tydperk van nagenoeg 60 jaar in hierdie gebou onder- rig ontvang in 'n verskeidenheid vakke. Benewens die Ou Hoofgebou is dit inderdaad een van die oudste universiteitsgeboue. Tog sal min oud-studente die verdwyning van die ou gebou betreur. Die waardevolle en strategies-geleë perseel — dit verteenwoordig immers een van die voordeure van die universiteitskampus — regverdig 'n groter en meer imposante gebou.

Die ou Hollandse Saal is gedurende 1896 en 1897 opgerig as skoolgebou vir die destydse „Stellenbosch Public School”, deur die Raad wat destyds beide die skool en die kollege beheer het. In Junie 1898 het die skool vanuit die huidige polisiekantoor- gebou na die nuwe gebou oorgetrek. Daar was klaskamers vir die Rektor en 8 assis- tente — die saal was deur 'n afskorting in twee klaskamers verdeel.

Binne enkele jare het die skoolgebou geblyk te klein te wees. In 1902 is besluit om 'n verdere verdieping op die middelste deel te bou waardeur nog drie klaskamers be- skikbaar sou kom. Die Raad het egter van die plan afgesien aangesien besef is dat dit nie 'n afdoende oplossing vir die skool se probleem sou wees nie. Die Kollege het in- tussen ook ernstige gebrek aan klaskamerruimte ondervind en wou graag die skool- gebou betrek. So ontstaan dan die plan om 'n nuwe skoolgebou op 'n ander terrein op te rig. Na herhaalde verdragings is die „Boys' High School”-gebou, wat vandag die Fakulteit van Ingenieurswese huisves, teen die einde van 1907 op 'n deel van die sg. „Athletic Field” voltooi. Die enigste ander geboue wat toe op die terrein noord van Victoriastraat en oos van Van Ryneveldstraat gestaan het, was die Hospitaal en MacDonaldhuis. Ou inwoners het heftig beswaar gemaak daarteen dat die skool so vër „in die wildernis” gebou moes word!

Van die begin van 1908 het die skoolgebou dus 'n suiwer Kollegegebou geword, en is betrek deur die Departemente van Chemie en Soölogie. Toe die Gebou vir Natuur- wetenskappe voltooi is, het die Departement van Soölogie daarheen oorgetrek ($\pm$ 1915), maar Chemie het tot aan die einde van 1922 daar gebly. Na die ontruiming deur Soölogie is ander vakke soos Toegepaste Wiskunde en Duits daar gedoseer, maar die Departement van Chemie het geleidelik die hele gebou in beslag geneem, sodat dit heel tereg as die *Chemie-gebou* bekend geword het.

Vanaf 1923 is 'n hele verskeidenheid Departemente geheel of gedeeltelik vir korter of langer tydperke in die ou gebou gehuisves. Geskiedenis, Geografie, Nederlands/ Afrikaans, Duits, Frans, Filosofie en Ekonomie het gekom en gegaan tot 1957 toe die gebou afgesonder is vir die nuwe Departement van Drama.

Wesenlik staan die gebou vandag nog soos dit in 1897 gebou is. Van tyd tot tyd is interne veranderings aangebring om aan te pas by die behoeftes van die vakke wat daar gedoseer moes word. Na die ontruiming deur die skool, is die afskorting tussen die twee sentrale klaskamers verwyder en die groot vertrek het jare lank diens ge-



Die ou Hollandse Saal met sy bekende torinkies vanuit Andringastraat gesien. Studente het hierdie hoofingang na die gebou selde gebruik, en word selfs vandag hoofsaaklik gebruik deur die publiek wat die opvoerings in die proefteater bywoon.

(Foto: Edrich)

doen as Chemie-laboratorium. Toe dit weer as groot lesingsaal vir Afrikaans/Nederlands, Geskiedenis, ens., moes diens doen nadat Chemie na die De Beers-gebou verskuif het, is die skuins vloer aangebring. Toe het dit bekend geword as die Hollandse Saal. Die afgelope aantal jare word dit gebruik as proefteater vir die Departement van Drama.

Die ou Hollandse Saal het byna 70 jaar lank 'n baie belangrike rol in die opvoeding en onderwys op Stellenbosch gespeel. Baie bekende persone het hier as leerlinge of as studente onderrig ontvang van beroemde leermeesters wie se invloed vër buite Stellenbosch gestrek het. In die Senior Matriekklas van 1899 was manne soos mnr. A. Stadion, wat vandag nog op Stellenbosch woon, mnr. Paul Roos, na wie die skool later vernoem sou word, mnr. P. D. Rousseau, vader van dr. P. E. Rousseau, e.a. Later volg mnr. G. M. Pellisier, later Direkteur van Onderwys in die O.V.S., dr. D. G. Conradie, later Administrateur van S.W.A., mnr. I. M. Hoogenhout, later Ambassadeur in Nederland, en dr. G. B. A. Gerdener, later professor aan die Kweekskool en nog woonagtig op Stellenbosch. Dr. Marais wat die eerste Suid-Afrikaner was wat Rektor van die skool geword het, het in 1901 tragies verdrink by Rooiels. Die bekende oom Japie (Home) Krige een van die assistente, was die eerste Suid-Afrikaner op die personeel van die skool; aangestel 1882.

Groot leermeesters wat in die ou gebou klas gegee het, was o.a. prof. Van der Riet en later proff. Du Toit en Joubert (Chemie), proff. R. Broom en Goddard (Soölogie), prof. Morrison (Toegepaste Wiskunde), prof. Friedländer (Duits), prof. P. Serton (Geografie), prof. N. J. Brummer (Filosofie), proff. E. C. Pienaar en F. E. J. Malherbe (Afr./Ndls.), proff. H. B. Thom en J. A. Wiid (Geskiedenis) en prof. J. L. M. Franken (Frans).



Fair Lady
Die Huisgenoot
Sarie Marais
Die Landbouweekblad
Die Jongspan

LEESGENOT... VIR ALMAL!

DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKSBANK BEPERK

Stellenbosch en omgewing se eie

DISTRIKSBANK

Die enigste in die

REPUBLIEK

U navrae en 'n besoek word verwelkom

ook te

KUILSRIVIER EN KRAAIFONTEIN



Wyle oom „Van”


***Oom Van vertel van
lief en leed van die
Administrasie van die Universiteit***

(Mnr. W. J. (Oom Van) van der Westhuizen is op 13 Augustus verlede jaar op Stellenbosch oorlede. Nooit in die kalklig nie, beskeie, maar pligsgetrou tot in die fynste besonderhede, het Oom Van die Universiteit 42 jaar lank as klerk gedien. Hy het diens aanvaar as boekhouersklerk toe die Victoria-Kollege in 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het, en het die hele pad tot 1960 saam met die Universiteit gekom — ’n lang pad wat harde werk en opoffering geverg het, maar gekenmerk is deur gestadige groei en ontwikkeling waartoe Oom Van ook sy beskeie bydrae gemaak het.

Voor sy heengaan het Oom Van enkele herinneringe uit die 42 jaar opgeteken. Met die plasing daarvan lê Matieland ’n kransie op sy graf.)

Die woonhuis in Crozierstraat wat vanaf 1920 tot 1932 as administrasiegebou van die Universiteit diens gedoen het. Sedertdien huisves dit nog altyd die afdeling Engels Spesiaal.

(Foto: Christo S. Botha)



In 1918, toe die Universiteit van Stellenbosch tot stand gekom het, het ek op uitnodiging van die Registrateur, mnr. Ackermann, in sy kantoor begin werk teen R20 per maand. Die hele administrasie was destyds gehuisves in een groot vertrek in die C. L. Marais-Biblioteek, die een links van die ingangsportaal. In die soortgelyke vertrek regs van die ingang is die vergaderings van die Universiteitsraad asook komitee-vergaderings gehou.

Ons kantoor was deur middel van afskortings in drie verdeel, nl. die kantore van die Registrateur en die tikster, en die boekhouer-klerk het agter 'n 8 vt.-toonbank in die orige deel gewerk. Toe ek as addisionele klerk bykom, moes vir my ook 'n plekkie agter die toonbank ingeruim word. Ses maande later is 'n Assistent-Registrateur aangestel en vir hom is plek gemaak in die kantoor van die tikster. Die Biblioteek, wat die res van die gebou beslaan het, is deur een dame behartig. Dit was die hele administratiewe personeel in daardie dae!


In ons kantoor was die ruimte erg beperk. Wanneer die studente aan die begin van die jaar of vir eksamens moes inskryf, was die druk en verwarring so groot dat niemand by die Registrateur se kantoordeur kon kom nie en die toonbank is meermale byna op ons omgekeer. Maar ons het dit darem oorleef! Aan die een kant van die toonbank was 'n opslaanblad wat toegang verleen het na die Assistent-Registrateur. Toe wyle prof. Van Braam eendag wou deurgaen, het 'n paar swaar boeke op die opslaanblad gelê. Hy buk toe maar en glip onderdeur met die opmerking „Hier moet men sich vernederen!”

In daardie eerste jaar van die Universiteit se bestaan het 558 studente ingeskryf. In 1919 was daar 597. Die enigste koshuise was Harmonie, Hofmeyrhuis, Wilgenhof en Concordia, Victoria-huis en die Tehuis.

Benewens die administratiewe werk van die Universiteit, moes ons destyds ook die Boys' High School se boeke hou, skoolgelde invorder en die onderwyers se salarisse betaal. Die gevolg was dat ons dikwels tot laat in die nag moes werk. Wyle mnr. Paul Roos was altyd haastig en altyd laat. Meermale het hy op die laaste minuut opgedaag met 'n sak vol tjeks en kontantgeld wat eers behoorlik ingeskryf en versorg moes word, voordat ons kon huis toe gaan. Eenkeer moes die stasiemeester die trein 15 minute vertraag sodat mnr. Roos wat saam met mnr. Markötter stad toe moes reis vir belangrike rugby-aangeleenthede, die trein kon haal. Toe hy eindelik in die trein sit, sê hy: „Gits, amper laat!”

Ons het twee jaar lank lief en leed in die kantoortjie in die C. L. Marais-Biblioteek deurgemaak. Toe het die toestand onhoudbaar geword. Verligting het gekom toe die Universiteitsraad in 1920 'n woonhuis oorkant die straat vir kantoordoeleindes aangekoop het. Vandag word klasse in Spesiale Engels in hierdie gebou gegee. Die vertrek regs van die ingang was die kantoor van die Voorsitter van die Senaat — agtereenvolgens dr. G. G. Cillié (Snr.), dr. S. F. N. Gie en dr. W. Blommaert. Links was die kantore van die Assistent-Registrateur en die Registrateur. Benewens 'n ruim algemene kantoor was daar nog kantore vir die tikster en die klerk van die Registrateur. Saam met die Voorsitter van die Senaat was ons dus sewe in 1920. Namate die studentetal aangegroei het, het die administratiewe werksaamhede vermeerder sodat van tyd tot tyd addisionele klerke aangestel moes word.


In 1932 het ons die nuwe Administrasiegebou betrek. Teen daardie tyd was die studentetal reeds verdubbel en die doserende personeel het aangegroei tot 48 professore en 43 lektore. Nou het die studentetal reeds die 6,000-kerf bereik, daar is 104 professore, 120 senior lektore en 124 lektore en die administrasie word behartig deur 'n personeel van 50. Selfs in die vergrote Administrasiegebou is daar alweer gebrek aan ruimte ten gevolge van die vinnige toename in die omvang van die administratiewe werksaamhede. Ek wonder of die Universiteit ooit 'n stadium sal bereik wanneer ruimte — vir sy akademiese en administratiewe werksaamhede — geen probleem meer sal wees nie!



SO BOU HULLE MATIELAND

Ons is Trots op HULLE Prestasies

In ideale weersomstandighede het De Villiers Lamprecht, 21-jarige Matie, op Vrydagaand, 13 November 1964, die eerste Suid-Afrikaner geword wat die myl in minder as vier minute afgelê het (Tyd: 3/59.7).



LINKS BO : *Mnr. Danie du Toit, 1964/65 voorsitter van die Studenteraad, is derdejaarstudent aan die Kweekskool en volg gelyktydig die M.A.-kursus in Filosofie. Mnr. Du Toit dien ook op die hoofbestuur van die A.S.B.*

REGS BO : *Mnr. Boy Geldenhuys, tweedejaarstudent aan die Kweekskool, het in 1962, 1963 en 1964 die Wolnit redenaarskompetisie op Stellenbosch gewen en was verlede jaar ook die wenner van die interuniversitêre redenaarskompetisie wat deur die A.S.B. georganiseer word. Mnr. Geldenhuys is sedert 1963 sekretaris van die Studenteraad en is vanjaar sekretaris van die hoofbestuur van die A.S.B. en primarius van Dagbreek.*

ONDER : *Die Kanselier, sy Edele dr. T. E. Dönges, oorhandig die Kanseliersmedalje vir 1964 aan mnr. R. P. Botha, wat die graad M.A. (Afrikaans-Nederlands) cum laude verwerf het. Mnr. Botha se gemiddelde persentasie vir sy voor- en nagraadse studie was 84.1%. Die foto is geneem by geleentheid van die gradedagplegtigheid op 11 Desember 1964.*

(Foto: Johan Stander)



Van Alles en Nog Wat



Prof.
Anna Neethling-Pohl

MEV. ANNA NEETHLING-POHL (B.A. 1927) bekende Afrikaanse aktrise en regisseuse, is aangestel as eerste hoogleraar aan die Instituut vir Spreek- en Toneelkuns van die Universiteit van Pretoria. Mev. Neethling-Pohl is 'n dogter van wyle mnr. Pieter Pohl van Graaff-Reinet, op sy tyd 'n bekende toneelbaanbreker in Oos-Kaapland. Reeds as student op Stellenbosch het mev. Neethling-Pohl onder leiding van proff. Grosskopf, Con de Villiers en Reinders in Afrikaans, Nederlands en Engels toneel gespeel. Sy was 'n stigterslid van die Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging en het meegewerk aan die oprigting van die Nasionale Toneelorganisasie.

DR. J. P. VAN S. BRUWER is met ingang 1 Januarie 1965 aangestel as hoogleraar in die Volkekunde aan die Universiteit van Port Elizabeth. In 1951 is dr. Bruwer aangestel as senior lektor en in 1956 bevorder tot hoogleraar in die Volkekunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Aan die einde van 1963 het hy die professoraat neergelê toe hy benoem is as Kommissaris-Generaal van die Inboorlingbevolkings van Suidwes-Afrika.

PROF. O. C. ERASMUS (B.A. 1942, S.O.D. 1943) hoof van die Departement van Filosofie van die Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika, is met ingang Januarie 1965 aangestel as hoogleraar in die Fakulteit van Opvoedkunde (Afrikaans) aan die Universiteit van Kaapstad. Prof. Erasmus het die grade B.Ed., M.Ed. en D.Ed. aan die Universiteit van Pretoria behaal en was voorheen verbonde aan die Fakulteit van Opvoedkunde van die Vrystaatse Universiteit.

MNR. CHRIS BOTHA wat die afgelope 17 jaar onderwyser was aan die Hoërskool Outeniqua op George, is met ingang Januarie 1965 aangestel as persoonlike assistent van die Rektor van die Universiteit van Port Elizabeth.

Mnr. Botha het 'n groot rol in baie vertakings van die gemeenskap op George gespeel. Hy was o.a. orrelis van die N.G. Gemeente George-Suid, toneelregisseur en een van die knapste spelers van die George-Toneelgroep, sekretaris van die Suid-Kaaplandse Tennisunie en eerstespanspeler, ondervoorsitter van die sportunie van George, rugbyskeidsregter en bevelhebber van die hoërskool se kadette-afdeling.

Drie Oud-Maties is aangestel as Mede-Redakteurs van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Hulle is:

MNR. J. VOSLOO (M.A. 1959, B.Ed. 1961), dosent aan die Paarlse Opleidingskollege. As student was mnr. Vosloo o.a. lid van die S.R. en redakteur van „Die Matie”.

MNR. J. O. V. D. B. SMUTS (B.A.-Hons. in Geskiedenis 1957, B.Ed. 1958, B.A.-Hons. in Afr./Ndl. 1960), onderwys in Parow, en

MNR. J. C. M. D. DU PLESSIS (B.A.-Hons. in Afr./Ndl. 1962), tegniese assistent by die Woordeboek vanaf Julie 1963.

Die nuwe aanstellings is gedoen in die plek van mnr. A. C. Wessels, wat verlede jaar met pensioen afgetree het, mnr. C. J. Swanepoel en mnr. L. C. Eksteen, wat 'n betrekking as senior lektor in Afrikaans aan die Universiteit van Port Elizabeth aanvaar het.

Op sy 50ste verjaardag, op 19 September 1964, het 'n bloemlesing van PROF. D. J. OPPERMAN se gedigte verskyn onder opskrif „Kort Reis na Carrara”.

DR. LEN VERWOERD (B.Sc. in Landbou 1928), ouer broer van die Eerste Minister, en voormalige professor in Landbou aan die Universiteit van Stellenbosch, is aangestel in die redaksie van „Die Landbouweekblad”. Dr. Verwoerd was die eerste persoon wat 'n doktorsgraad in Landbou in Suid-Afrika behaal het.

PROF. J. P. YEATS, hoogleraar in die Regsgeleerdheid, is aangestel in die Raad van Beheer van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

MNR. A. P. KRIEL (M.A. 1949), voorheen van Morgenster, Rhodesië, het in Januarie diens aanvaar as lektor in Bantoetale aan die Universiteit van Kaapstad. Die afgelope twee jaar was mnr. Kriel redakteur van die Bantoeblad „Munyai”.

MNR. P. J. VAN JAARSVELD (B.A. 1919, B.Ed. 1922) skryf in die brief wat sy laaste paalement vir die Eeufesfonds vergesel het, dat dit vir hom as oud-Matie 'n groot voorreg was om iets by te dra ten behoeve van sy geliefde ou Alma Mater aan wie hy baie dank verskuldig is.

Mnr. Van Jaarsveld is g'n uitsondering nie: oud-Maties beskou dit as 'n voorreg om te gee, omdat hulle teruggee uit die rykdom wat hulle hier ontvang het.

MEJ. ISABEAU MALAN, dogter van mev. D. F. Malan van Stellenbosch, het onlangs na Suid-Afrika teruggekeer nadat sy die afgelope ses jaar as assistente by die Suid-Afrikaanse Ambassade gewerk het. Mej. Malan het 'n tweejarige handelskursus aan die Universiteit gevolg en twee jaar lank as sekretaresse van die Departement van Fisika opgetree voordat sy na die buiteland vertrek het.

MNR. HENRY PREISS (B.A. 1922) het in Oktober verlede jaar met pensioen afgetree nadat hy 25 jaar stadsclerk van Pretoria was. Hy word opgevolg deur 'n ander oud-Matie, mnr. Hilmar Rode (B.Comm. 1929).

Victoria-Wes stel Voorbeeld

Die 230 gaste wat die Eeufesfondsdinee op Victoria-Wes op 13 November 1964 bygewoon het, verteenwoordig 91% van al die persone wat uitgenooi was. Van alle dinees wat tot dusver gehou is, is dit die hoogste persentasie bywoning. Alle eer vir hierdie besondere prestasie kom toe aan die wakker gasvrouekomitee. Voor, v.l.n.r.: Mevv. A. de Jager, J. E. Schoevers, K. A. Sinclair, Jr., K. A. Sinclair, Snr. (Voorsitster), N. Claassens, M. van Heerde. Agter, v.l.n.r.: Mevv. I. Spannenberg, E. Terblanche, mnr. A. J. Esterhuyse (Openbare Inligtingsbeampte), mevv. W. Nel, K. Olivier en H. C. Esterhuizen.

Die Rektor, prof. H. B. Thom, het as hoofspreker by die dinee opgetree. Die veldtog het R8,000 opgelewer.



Twee Oud-Matiebondtakke kies Nuwe Bestuur

OOS-RAND: Die oud-Maties van die Oos-Rand het op 25 September 'n baie geslaagde saamtrek op Springs gehou. Sowat 120 gaste het die dinee in die Buiteklub bygewoon. Minister J. F. W. Haak en mev. Haak, mnr. P. J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling en mnr. A. J. Esterhuysen, Openbare Inligtingsbeampte van die Universiteit van Stellenbosch, was die eregaste.

Die nuwe bestuur is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. E. le Roux.

Onder-Voorsitter: Mnr. Karel Swarts.

Sekretaresse: Mev. Cora van Schalkwyk.

Addisionele Lede: Kobus van Wyk (Benoni), Phil Loots (Boksburg), Japie Steyn (Brakpan), Annatjie Sandenbergh (Germiston), G. de Villiers (Nigel), G. Honiball (Springs), Sarah du Toit (Heidelberg), Lukas Nel (Kempston Park en Edenvale), Ben Schmidt (Alberton) en C. Taljaard (Middelburg).

MALMESBURY: Die laaste algemene vergadering van die jaar is op 20 November 1964 gehou en het die vorm aangeneem van 'n baie gesellige vleisbraai op die plaas Klawervlei van oud-Matie J. A. Smuts. Die bestuur vir 1965 is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. A. S. Meyer.

Onder-Voorsitter: Mnr. P. W. de Bruin.

Sekretaresse: Mev. T. van Niekerk.

Addisionele Lede: Mnr. F. S. Robertson en mej. A. Steyn.

Die „Matieland“-fonds

Tot op 30 November 1964 het ons lesers R4,412.00 tot die Fonds bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is.

Totaal (tot 30 November 1964)	R4,412,00	Bruwer, mnr. en mev. D. F., Hoër Handelskool, Rustenburg	2.00
Aggenbach, mnr. en mev. G. A., Möreli, Bredasdorp	5.00	Burger, mnr. en mev. C. J., Posbus 72, Letaba, N.-Tvl.	5.00
Alheit, ds. W. A., Derdelaan 5, Wellington	3.00	Burnard, mnr. F. W., Allcockstraat 47, Colbyn, Pta.	1.00
Berends, dr. J. J., Posbus 72, Paarl	2.00	Cluver, mev. G. E., Posbus 48, Grabouw	4.00
Booyesen, mev. B., Laerskool Staatspresident Swart, Kimberley	2.00	Conradie, mnr. D. C. U., Rodericksweg 444, Lynnwood, Pta.	5.00
Booyesen, mej. C. F., Hiddinghlaan 14, Tuine	2.00	Cooper, mnr. J. C., Landdroskantoor, Klerksdorp	2.00
Botha, mnr. en mev. C. V., Los Angeles 42, Sunnyside, Pretoria	2.00	Cornelissen, mnr. P. J., Malherbestraat 43, Upington	3.00
Botha, ds. P. B., Posbus 18, Theunissen	2.00	Cronjé, mnr. F. J., Dept. van Buitelandse Sake, Pta.	2.00
Boyce, mnr. W. W., Posbus 1448, Kaapstad	2.00		
Brecher, mnr. I., Posbus 171, Pongola, Tvl.	5.00		

De Bruijn, mev. A. J., Huis de Villiers, Stellenbosch	1.00	Le Roux, mnr. P. J., Posbus 316, Sasolburg	1.50
De Clerk, mnr. J. B., Posbus 908, Pta.	3.00	Lombard, prof. S. H., Fakt. van Landbou, Univ. van Pta.	2.00
De Jager, mnr. J. B., Vermeulenstraat 68, De Aar	2.00	Loubser, mej. A., Sonneskyn, Napierstraat, Paarl	2.00
De Klerk, mev. S., Hoër Landbouskool, Amsterdam, Tvl.	1.00	Loubser, mnr. A. A. D., Dept. van Bosbou, Sabie	1.00
De Kock, mnr. J. S., Cradockstraat 126, George	2.00	Malan, mnr. en mev. Jannie, Posbus 2, Fort Beaufort	4.00
De Vos, regter J., Albertstraat 79, Waterkloof, Pta.	3.00	Marais, dr. D. P., Southern Life-Gebou, St. Georgestraat, Kaapstad	10.00
De Waal, mnr. A. G., Posbus 80, Kuruman	2.00	Marais, mnr. G. J., Witzenbergstraat 7, Tulbagh	4.00
De Waal, prof. en mev. H. L., Schoemanstraat 1027, Pta.	2.00	Maree, mnr. D. A., Hoërskool Bergsig, Rustenburg	2.00
De Wet, mnr. L. J., Hoërskool, Hennenman	2.00	May, mev. H. L. N., Posbus 5128, Windhoek	3.00
Dönges, dr. T. E., Posbus 29, Kaapstad	10.00	Moolman, mev. G. J. J., Kerkstraat 19, De Aar	2.00
Erasmus, mnr. A. M., Posbus 2, Aughrabies	2.00	Michau, mnr. N. T., Posbus 1378, Pta.	2.00
Eyssen, mnr. S. H., Posbus 202, Lynneast, Tvl.	5.00	Naudé, mev. A. S., Langstraat 21, Lichtenburg	2.00
Ferreira, mnr. H. L., Posbus 114, Kirkwood	5.00	Naudé, mej. J. J., Blanke Volksskool, Witsieshoek	24.00
Feucht, mej. H., Posbus 185, Tsumeb	1.00	Neethling, mnr. D. C., Geologiese Opname, Posbus 401, Pta.	2.00
Fourie, mnr. L. de J., Tiendestraat 62, Linden-Uitbreiding 3, Johannesburg	1.00	Neethling, mnr. en mev. J. C., Posbus 13, Kaapstad	2.00
Genade, mnr. A. B., Posbus 10, Knysna	1.00	Nel, mnr. G. P., 29ste Laan 906, Rietfontein, Pta.	2.00
Gouws, mej. M. J., Posbus 14, Groblershoop	1.00	Nel, mev. Joe, Posbus 243, Senekal	1.00
Greeff, mnr. P. D., Hoërskool, Ventersburg	2.00	Nel, mnr. J. H. L., Kromstraat 9, Vredelust, Bellville	1.00
Greyling, mnr. en mev. C. P., Landboukollege, Glen	5.00	Nel, mej. J. M., Hoër Meisieskool La Rochelle, Paarl	4.00
Grosskopf, mej. M. E., Dennehof 2, Hofmeyrstraat, Stellenbosch	1.00	Nel, dr. L. T., Goewermentslaan 824, Pta.	5.00
Grosskopf, mnr. en mev. O. G. P., Richardstraat 480, Hatfield, Pta.	2.00	Neveling, mnr. J. J. V., Firmountweg, Somerset-Wes	1.00
Haasbroek, mnr. D. C., Fosterstraat 4, Vanderbijlpark	10.00	Nicol, dr. W., Parkstraat 784, Pta.	2.00
Hamman, mnr. J. L., Lagunestraat, Kleinmond	2.00	Nieuwoudt, mnr. en mev. E., Tesourie, Uniegebou, Pta.	2.00
Hamman, mnr. W. D., Universiteitskollege Wes-Kaapland, P/s. Kasselsvlei	2.00	Nortjé, mnr. J. G., Posbus 529, Bloemfontein	2.00
Hauptfleisch, mev. D. P., Privaatsak 122, Pretoria	5.00	Nortje, mnr. J. H., Vaalwater, Fraserburg	4.00
Hediger, mej. S. M., Posbus 21, Claremont	8.00	Nöthling, adv. J. E., p.a. Prok.-gen., Hooggeregshof, Kaapstad	2.50
Heynike, mnr. J. J. C., Posbus 176, Cradock	10.00	Odendaal, dr. G. C. V., Posbus 3, Robertson	5.00
Hiemstra, regter V. G., Paleis van Justisie, Pta.	5.00	Odendaal, mnr. M. D. J., Hotel Swartberg, Prins Albert	2.00
Hugo, mnr. H. C., Landbounavorsingstasie, Privaatsak, Bethlehem	2.00	Oelofse, mnr. A. N., Posbus 5, Clocolan	2.00
Human, dr. T. P., Posbus 19, Politsi	5.00	O'Kennedy, mnr. H. F., Le Rouxstraat, Montagu	1.00
Joubert, mnr. B. J. le R., West Cliffweg, Hermanus	2.50	Olivier, mnr. J. M., Posbus 2, Twee Riviere	2.50
Kirsten, mnr. J. F., Fullardstraat 30, Kroonstad	3.00	Orchard, prof. E. R., Univ. van Natal, Pietermaritzburg	2.00
Kitshoff, mev. G. M. M., Bergsig, Pk. Pools	5.00	Oosthuysen, mnr. G. C., Posbus 246, Sasolburg	2.00
Klem, ds. H. J., Posbus 64, Elliot	2.00	Oosthuysen, mnr. J. J., Hoërskool, Swellendam	2.90
Kriel, ds. en mev. G. J. P., N.G. Pastorie, Koringberg	10.00	Oosthuizen, mnr. en mev. M. J., 19, Bathgate Rd., Wimbledon, Londen S.W. 19, Engeland	10.00
Laing, mnr. P. B. A., Uniestraat 40, Oos-Londen	5.00	Oosthuysen, mnr. P., Hoër Tegniese Skool, Ficksburg	2.00
Lambrechts, mnr. D. A., Scheeperstraat, Reddersburg	5.00	Op't Hof, dr. J. J. P., Privaatsak 122, Pta.	3.00
Laubscher, mnr. P. J., Posbus 1392, Bloemfontein	5.00		

Oud-Matie Gholfsklub, Posbus 10934, Johannesburg		Schaap, mnr. A. M., Daniel Hugostraat 2, Victoria-Wes	2.00
Papenfus, ds. F. P., Pk. Grootdrink, oor Upington	1.00	Schaap, mnr. en mev. W. J., Westinghouse, Boulevard 72, Vanderbijlpark	5.00
Pauw, mnr. J. R., Firwoodlaan 35, Hazelwood, Pta.	3.00	Shirlein, mej. B., Posbus 13, Bethanie	2.00
Peacey, mnr. A. H., Dept. van Buitelandse Sake, Uniegebou, Pta.	1.00	Schmidt, prof. A., U.O.V.S., Bloemfontein	2.00
Peens, mnr. J. G., Posbus 82, Potgietersrus, Tvl.	2.00	Schoon, Lug-kommdr. L. J., Goromonzi, Citrusdal	2.50
Peter, mnr. E. O., Posbus 672, Tsumeb	4.00	Schoonnes, dr. P. C., Maritanawoonstel 102, Strand	1.00
Pienaar, mnr. C. J., Posbus 68, Thaba Nchu	2.00	Schoonwinkel, mnr. M. J., Wilcocksweg 80, Bloemfontein	3.00
Pienaar, E. W., Skoolstraat 41, Malmesbury	2.00	Schumann, mnr. F. W., Posbus 169, Prieska	2.00
Pienaar, mnr. en mev. J. H., Landboukollege, Potchefstroom	2.00	Schumann, mnr. W. A., Andersonstraat 73, Brooklyn, Pta.	2.00
Pienaar, mnr. J. H., Truterstraat 14, Robertson	2.00	Schurink, mev. S. B., Posbus 83, Worcester	2.00
Poggenpoel, mnr. D. G., De Hoop, Calvinia	5.00	Sippel, mev. B. F., Welgevallestraat 6, Krigeville, Stellenbosch	3.00
Potgieter, mnr. L. G., Mavrogato-woonst. 405, Rissikstraat 193, Sunnyside, Pta.	1.00	Slabber, mnr. A. A., Christellahof 9, Stellenbosch	3.00
Pretorius, mnr. E. de C., Barnardstraat 6, Potchefstroom	2.00	Slabber, mnr. en mev. A. A., Jordania Heights 12, Bethlehem	5.00
Pretorius, mnr. J. L., Pk. Serenje, Zambia	4.00	Smit, ds. A., Posbus 41, Vandyksdrif	5.00
Prinsloo, mev. M., Maraisstraat 6, Heidelberg, Tvl.	10.00	Smit, mnr. D. J. v. Z., Posbus 351, Oudtshoorn	3.00
Rautenbach, mnr. I. L., Dangerpoint, Pk. Excelsior	2.00	Smit, mnr. F. v. Z., Privaatsak 81, Pta.	3.00
Read, mnr. en mev., M. B., Hans Strijdom-laan 12, Lyttelton, Tvl	6.00	Smit, mnr. G. E., Toddlaan 488, Villieria, Pta.	2.00
Redelinghuys, p.a. Tesourie, Uniegebou, Pta.	4.00	Smit, prof. G. J. J., „Derry”, Grays Innweg, Nuweland	4.00
Relihan, mnr. L. T., Posbus 395, Walvisbaai	10.00	Smit, mev. J. E., Reitzstraat 8, Somerset-Wes	2.00
Retief, mnr. G. J., Posbus 1595, Pta.	3.75	Smit, mnr. J. T., Posbus 62, Pta.	2.00
Reuvers, mnr. P., Posbus 5, Grabouw	1.00	Smith, mnr. L. E., Hoër Tegniese Skool, Middelburg, Tvl.	3.00
Robertson, mnr. en mev. C. M., Posbus 286, Heidelberg, Tvl.	4.00	Smuts, mnr. M., Holyrood 16, Queen Victoriastraat, Kaapstad	1.00
Rode, mnr. M., Hoërskool J. J. du Preez, Parow	2.00	Snyman, mev. H. G., Posbus 42, Potgietersrus	3.00
Roos, mnr. D. v. d. S., Welgelegen 4, Bourkestraat 190, Muckleneuk, Pta.	3.00	Söhnge, dr. G., Posbus 419, Tsumeb	5.00
Roos, dr. G. D., Cornelisstraat 86, Bronkhorstspuit	4.00	Solomon, mnr. en mev. D., Olivierstraat 250, Brooklyn, Pta.	2.00
Roos, mnr. H. H., Westergloor, Wellington	5.00	Spamer, mnr. F. J., De Villiersstraat, Bredasdorp	2.00
Roos, mnr. W. J., Kantoor van die Hoofingenieur, H.P.K., P/Sak 74, Pta.	5.00	Spies, mej. A. D., Hoërskool, Dordrecht	2.00
Roos, mnr. W. L., Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Oranje-Nassaugebou, Schoemanstraat, Pta.	2.00	Spies, mej. G. P., Arboretumlaan 2, Bloemfontein	4.00
Ross, dr. G. E. N., Posbus 6410, Johannesburg	10.00	Stadler, mnr. J. G. A., Posbus 5127, Windhoek	5.00
Rossouw, mev. D. C., Posbus 18, Sunland	2.00	Stadler, mnr. J. G., Hoër Tegniese Skool, Oudtshoorn	1.00
Rossouw, mnr. E. J., Bonne Esperance, De Doorns	3.00	Stander, mnr. A. H., Posbus 13, Kempton Park	5.00
Rossouw, mnr. P. J., Posbus 401, Pta.	2.50	Steenkamp, mnr. N. S., Die Hoek, Ceres	5.00
Roux, ds. en mev. J. I., Posbus 13, Fouchville	3.00	Stemmet, mev. R. J., Posbus 1, Douglas	2.00
Roux, mnr. P., Hoër Landbouskool, Jacobsdal	3.00	Stern, mnr. R. W., Charente 17, Eytonweg, Claremont	1.00
Roux, mnr. en mev. Paul, La Provence, Franschhoek	3.00	Steyl, mej. M., Parkrylaan 46, Port Elizabeth	2.00
Rozenkrantz, mnr. H. J., Padvervoerdiens, S.A.S. en H., Kaapstad	2.00	Anoniem	2.00
Rust, mnr. A. B., Posbus 71, Grabouw	2.20	Steyn, mnr. C. Grové, Challonsleigh, Pk. Eerstegoud	4.00
Sadie, mnr. J. P., Hoofstraat 17, Braamfontein, Johannesburg	2.50	Steyn, mnr. M. J., Posbus 11, Swellendam	2.00
		Stofberg, ds. T. C. B., Van Riebeeckstraat 11, Stellenbosch	2.00
		Streicher, mnr. M. J., Posbus 6456, Johannesburg	3.00
		Strydom, mnr. A. E., Danie Theronstraat 15, Beaufort-Wes	2.00

Strydom, mnr. D. J., Hoërskool Jan Malan, Koringberg	2.00	Van Garderen, mnr. H., Posbus 52, Heilbron	5.00
Strijdom, mnr. J. J., Hoopstraat 37, Citrusdal	2.00	Van Heerden, mnr. G. W. F., Langstraat 33, Malmesbury	2.00
Swanepoel, mnr. J. C. R., Posbus 183, Grootfontein	4.00	Van Heerden, mnr. en mev. J. J., Posbus 161, Stellenbosch	3.00
Swart, mnr. D. C., Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch	2.00	Van Heerden, mev. M. J., Posbus 18, Victoria-Wes	1.00
Swart, mej. H. H. J., Skool vir Blindes, Worcester	2.00	Van Heerden, mnr. R., Posbus 387, Pietermaritzburg	5.00
Swart, prof. J. C., Fakt. van Landbou, Univ. van Stellenbosch	2.00	Van Huyssteen, mnr. D. P., Mimosa-weg 218, Northcliff, Johannesburg	5.00
Swart, mnr. en mev. J. H., Univ. van Natal, Durban	5.00	Van Jaarsveld, ds. P. W. J., Pastorie, Tulbagh	5.00
Swart, mnr. P. J., Posbus 70, Zastron	2.00	Van Niekerk, mej. H., Laerskool Eros, Windhoek	0.65
Syfert, mnr. J. G., Posbus 8161, Johannesburg	2.00	Van Niekerk, mnr. J. W., Posbus 2498, Windhoek	2.20
Taute, mnr. J. H. F., Evalaan 300, Queenswood, Pta.	2.00	Van Rensburg, mej. M., Posbus 302, Kempton Park	2.00
Theron, mnr. A. J., St. Andrewsweeg 17, Parktown, Johannesburg	5.00	Van Rensburg, mnr. W. L. J., Fakt van Landbou, U.O.V.S., Bloemfontein	2.00
Theron, mnr. C. G., Privaatsak 9021, Pietermaritzburg	3.00	Vedder, dr. H., Okahandja	5.00
Theron, mnr. J., Posbus 578, Pta.	5.00	Vermeulen, mnr. W. C., Rembrandt, Paarl	5.00
Theron, mnr. J. A., Hoërskool, Bonnievale	2.00	Verwoerd, dr. W. J., Posbus 401, Pta.	10.00
Theron, mnr. en mev. W., Privaatsak 6022, Port Elizabeth	2.00	Viljoen, mnr. I. J., Posbus 55, Upington	2.00
Toerien, mnr. P. E., Posbus 75, Porterville	5.00	Viljoen, mev. J. M., Posbus 10, Luckhoff	1.00
Uys, mnr. D. C., Lilacsaan 11, Wilgehof-Wes, Bloemfontein	2.00	Viljoen, mnr. J. H., Langford Hill, Richmond	1.00
Uys, ds. P., U.O.V.S., Posbus 339, Bloemfontein	4.00	Visagie, mej. M., Spriggstraat 92, Cradock	1.00
Uys, mev. R. G., Posbus 10, Koes	2.00	Visser, mnr. D. J., Laerskool Grootmist, Pk. Grootmist	5.00
Van den Berg, mnr. D., Paul Krugerstraat 3, Upington	3.00	Visser, mnr. D. J. N., Ottavia-hof 19, Strand	2.00
Van der Dussen, mnr. A., P/Sak 2413, Louis Trichardt	2.00	Visser, dr. H. N., Dennerandweg 25, Stellenbosch	10.00
Van der Merwe, mnr. C. P., Opleidingskollege, Wellington	2.00	Visser, ds. J., Hoofstraat 384, Paarl	4.00
Van der Merwe, mev. M. M., Meyerstraat 24, Potchefstroom	2.00	Vivier, mev. C. T., Prov. Hospitaal, P/Sak, Uitenhage	2.00
Van der Merwe, dr. en mev. N. J., 2de Straat 16, Menlo Park, Pta.	2.00	Vorster, mnr. L. F., Hofstraat 23, Oranjericht, Kaapstad	1.00
Van der Merwe, mev. N. M., Posbus 41, Pongola	3.00	Vosloo, mnr. L. P., Elsenburg, Pk. Muldersvlei	2.00
Van der Merwe, dr. W. P., Posbus 25, Viljoenskroon	2.00	Van Velden, mnr. B., Posbus 71, Rustenburg	5.00
Van der Poel, mnr. H. R., Salisburystraat 32, Bellville	2.50	Van Vuuren, dr. J. C. J., Rowanstraat 46, Stellenbosch	3.00
Van der Riet, mnr. M. le S., Posbus 37, Prieska	4.20	Van Wyk, mev. A., Stikland-Hospitaal, Bellville	5.00
Van der Spuy, mnr. V., Tweede Straat 35, Linden, Johannesburg	3.00	Van Wyk, mev. A. C., Proctorlaan 45, Mafeking	2.00
Van der Walt, mej. S., Glasgow Pont Hotel, Norvalspont	2.00	Van Wyk, mnr. J. P. R., Posbus 2191, Port Elizabeth	2.00
Van der Westhuizen, mev. C. M., Malanstraat 86, Riviera, Pta.	2.00	Van Wyk, mnr. en mev. O. A., Posbus 18, Alexandria	2.00
Van Deventer, kapt. F. J., 143 Battery SAA, Walvisbaai	3.00	Van Zyl, mej. V. S., Barclays Bank, Vryburg	2.00
Van Doorn, mnr. C., Posbus 520, Windhoek	2.00	Wessels, mnr. I. C., Opleidingskool Mvenyane, P/S. Cedarville	2.00
Van Dyk, mnr. en mev. G. J., Westcliffweg 3, Hermanus	4.00	Wiid, mnr. en mev. S. C., P/S. 558, Middelburg, Tvl.	5.00
Van Eeden, dr. O. R., Posbus 401, Pta.	5.00	Winward, mev. J. C., Mussonstraat 28A, Hermanus	2.00
Van Eeden, mev. R. E., Posbus 32, Pietersburg	2.00	Wium, mnr. D. J. W., Posbus 2592, Pta. Wolfaard, mej. S. M., St. Martini Gardens 703, Koningin Victoriastraat, Kaapstad	2.00
Van Eeden, mnr. T. A., Posbus 207, George	1.00		
		TOTAAL (tot 31 Januarie 1965)	R5,233.00

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die Matielandfonds betaalbaar gemaak word.

M-A-T-I-E spells



GM 599

Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers — die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Zodiac, Zephyr en Taunus, middelslagmotors met ongewenaarde weelde, en die pragtige, gewilde Anglia en Cortina.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien — ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

AS DIT 'N BOEK IS—ONS HET DIT

Die keur in die volgende afdelings:

Novelles en Romans
Kortverhale en Sketse
Essays
Kinderboeke en Jeugboeke
Drama en Poësie
Bloemlesings
Letterkundige Kritiek
Talsake

Woordeboeke
Godsdien
Lewenskuns
Maatskaplike Sake
Klere en Voorkoms
Gesondheid
Voedsel en Drank
Blomme

Boerdery
Wetenskap en Stokperdjies
Musiek
Sport
Reisbeskrywings
Geskiedenis
Biografie
Naslaanwerke

NASIONALE BOEKHANDEL BETEKEN LEESWAARDE!

NASIONALE BOEKHANDEL


Wandelgang,
Groote Kerk,
Posbus 2063,
Kaapstad.

Escom-Sentrum,
Wolmaransstraat,
Posbus 9898,
Johannesburg.

Henrystraat 64 en
Maitlandstraat 53
Posbus 1058,
Bloemfontein.

h/v Princess- en
Cawoodstraat,
Posbus 95,
Port Elizabeth.

Voortrekkerweg 386,
Posbus 119,
Parow.



Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk,

Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

Frick
-NAAIMASJIENE

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig